# Dagstukkies 12

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 12

Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 12)

**Ek kan self nie glo dat ek alreeds 1100 Dagstukkies gestuur het nie!**

**Hierdie booekie is nommer 12 wat soos al die vorige boekies ook een honderd Dagstukkies bevat.**

**Al die eer aan die Here wat my gehelp het om elke Dagstukkie te kon stuur. Dit was wonderlik om soms te verneem dat dit net die regte boodskap vir iemand was op daardie dag.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

## Glo en aanvaar wat jy is!

**Efesiërs 1:3** *"Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus…"*

Lees weer, met aandag, Efesiërs hoofstuk een. Daar sal jy wonderlike waarhede vind en besef wat jy is in Christus. Glo elke woord wat die Bybel oor jou verklaar, wat jy in Christus is. Jy is 'n **geseënde** en met die geestelike seëninge wat daar is. (vers 3)

Moet nooit minder as dit aanvaar nie. Wanneer jy glo dat jy die geseënde van die Here is dan aanvaar jy geen vloeke en beplande aanvalle van die siele-vyand nie. As enige aanvalle teen jou en jou geliefdes kom, dan beroep jy jouself op Jes. 54:17. Jy is **gekies**, soos wat ons lees in vers 4. Het jy geweet dat jy so spesiaal vir die Here is dat Hy jou uitverkies het?

Jy is **gereinig**, soos wat ons lees in vers 7, omdat Jesus se bloed jou gereinig het en is verder elke dag besig om jou te reining – wanneer jy dit van harte bely. (1 Joh. 1:9)
Jy is Sy **erfgenaam** (vers 11) en Sy Heilige Gees het jou **gevul** (vers 13) Christus het jou Sy **gesag** gegee en alles onder jou voete geplaas. (verse 20-23)

Spreek dit hardop uit oor jouself: "Ek is…"
Geseënd – Gekies – Gereinig – Erfgenaam – Gevul – Het Gesag
Dit is iets goeds om kort-kort te aanvaar wat jy in Jesus is.
Glo wat God se woord verklaar wat en wie jy is.

## Doen wat jy moet doen – met mag

**Prediker 9:10** *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag..."*

Waarvoor wag jy terwyl jy weet jy moet iets doen? Ons Skrifgedeelte sê dat wat jou hand vind om te doen moet jy doen met al jou mag. Staan liewer bekend as iemand wat impulsief is as om gedurig dinge uit te stel.

Terwyl ek jou aanmoedig, om meer beslis te wees in jou optrede, deel ek met jou dit wat *William Arthur Word* gesê oor foute wat ons moet vermy as ons iets moet doen: *"Selfverwyt oor gister se mislukkings. Vrees vir vandag se uitdagings. Bekommernis oor môre se onsekerheid. Blindheid vir elke dag se geleenthede. Uitstel van vandag se pligte na môre. Jaloesie op ander se sukses. Kritiek op ander se swakhede. Agterdog oor die jeug se andersheid. Skeptisisme oor die land se toekoms. Ongeloof in God se voorsienigheid."*

Ongeloof en bekommernis is iets wat "stoom" uit ons besluite neem. Geen wonder Jesus het gesê in Matt. 6:34: *"Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel..."*

Doen net elke dag wat jy kan en moet doen.
Kol. 3:23: *"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."*

## Ons mond is baie belangrik

**Prediker 5:1** *"Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees."*

Volgens hierdie teks is die woorde wat uit ons mond kom nie net bedoel dat mense dit sal hoor nie, maar dat die Here kennis neem van die woorde wat ons spreek. Vir hierdie rede moet ons nie haastig wees met ons woorde nie. Die Bybel leer ons waarvan die hart vol is loop die mond oor. Ondersoek dus jou hart indien daar woorde uitkom wat nie mooi en reg is nie.

Jakobus 3 leer ons ook baie oor ons mond. As daar een ding is wat ons van die Here moet vra is om 'n wag voor ons mond te plaas, sodat ons "gesoute" woorde sal spreek. Voordat ons praat moet ons onsself vra: Is dit waar? Is dit minsaam? Is dit nodig? Dit sal help voordat ons praat.

Daar is baie krag in ons mond. Wanneer jy praat weet dat daar gesag is in jou mond. Ons lees in 2 Kor. 4:13: *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is; Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

Laat ons nie haastig wees met ons mond nie.
Kom ons weeg ons woorde voordat ons sou praat.
Praat net wat waar, minsaam en nodig is.

# As jy ly moet jyself bid

**Jakobus 5:13** *"Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid."*

Jakobus wat hier skryf was, die hoof ouderling van die eerste gemeente in Jerusalem. Hy was Jesus se aardse broer. Indien jy 'n studie maak van die eerste sewe hoofstukke van Handelinge sal jy vind dat die Jerusalem gemeente gegroei het, tot op daardie stadium, tot seker dertig duisend lidmate. En om te dink hul predikant was 'n ouderling!

Jakobus was 'n man met baie praktiese raad. Die hele boek van Jakobus is vol daarvan. In vers 14 gee hy die raad dat wanneer iemand siek is moet hy die ouderlinge roep om vir hom te bid terwyl hulle hom ook salf met olie. Ons sien dat dit vandag min gebeur in gemeentes. Dit is iets wat moet herleef in die kerk van vandag.

In ons teks word gepraat van iemand wat ly en dat hyself moet bid. Die Griekse woord vir "ly" verwys nie na siekte of 'n kwaal nie, maar na probleme en moeilikheid. Moenie eerste hardloop na jou predikant of geestelike leier nie, maar bid eers self.
Jy mag ander vra om vir jou te bid. Jou verantwoordelikheid is om eers self te bid oor jou probleme.

Die oorwinning is groter as jy vir jou eie probleme gebid het.
Moenie net op ander steun om altyd vir jou te bid nie.
Gaan sommer nou self na God se troon toe – Hy wag vir jou.

## Kan dinge in een dag verander?

**Genesis 41:39-41** *"En Farao sê vir Josef: Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand verstandiger en wys soos jy nie. Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy. Verder het Farao vir Josef gesê: Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland."*

Die verhaal van Josef is iets besonders. Hy was verkoop deur sy broers as 'n slaaf en het ook onskuldig in die tronk beland. Tog het hy vasgehou aan die droom wat God aan hom gegee het. Hy was sewentien jaar oud toe hy 'n slaaf geword het en dertig jaar oud toe God hom verhoog het as tweede in bevel van Egipteland.

Wat hierdie verhaal so treffend maak is dat Josef nog een dag in die tronk was en die volgende dag was hy tweede in bevel van Egipteland. Dit is duidelik dat God in een dag dinge kan verander! Glo dit vir jouself en kom ons glo dit vir ons land Suid Afrika. Dink ook aan die vier melaatses in 2 Konings 7 en hoe God hulle asook die inwoners van Samaria se lot in een dag verander het. Dit is hierdie God wat jy en ek ook dien!

Moenie een oomblik twyfel wat God vir jou kan doen nie.
Sy arm is nie tekort om te help nie. Sy oor luister na jou gebed.
Weet dit: God kan ook in een dag dinge vir jou verander.

## Wat God beloof het sal gebeur

**Habakuk 2:3** Die Boodskap: *"Die dinge wat Ek vir jou gewys het en wat jy opgeskryf het, gaan nie nou dadelik gebeur nie. Maar binnekort gaan dit vir seker gebeur. Dit voel dalk vir jou of dinge sloer en of niks aan die gebeur is nie, maar wees geduldig. Jy sal sien, kom sal dit kom en niks en niemand sal dit kan terughou nie."*

In die vorige teks sien ons hoe God vir Habakuk gesê het om die visie wat hy ontvang het duidelik neer te skryf, sodat hulle wat verby kom dit kan lees en kan hardloop met daardie visie. Wat jy van die Here ontvang het moet jy só kan oordra dat dit ander kan inspireer, soveel so dat hulle daarmee kan hardloop.

In ons teks van vandag maak die Here dit duidelik dat wat Hy beloof het sal gebeur. Ons moet net nie teleurgestel wees indien dit nie dadelik gebeur nie. Dit voel of alles te stadig gebeur, maar bly glo dat dit binnekort sekerlik gaan gebeur. Om te glo is om te weet dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is. (Heb. 11:1)
Kyk weer mooi na die woorde in Hab. 2:3: *"…wees geduldig. Jy sal sien, kom sal dit kom en niks en niemand sal dit kan terughou nie."*

God is 'n waarmaker van Sy woord.
Elke belofte wat Hy gee is "ja" en "amen"
"Ja" meen nie "nee" nie en "Amen" meen "dit sal so wees"

**Sewentig maal sewe keer**

**Mattheüs 18:21,22** *"Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe."*

Dit beteken dat ons mekaar tot 490 maal moet kan vergewe – en tot 7 keer per dag, volgens Lukas 17:4. Petrus het gedink hy sal wegkom met net sewe maal. Ons probeer ook baie keer 'n uitweg vind wanneer dit kom by vergifnis. Vergifnis is nie iets wat jy net kennis van neem nie, dit behoort 'n leefwyse te wees. Dit is baie gevaarlik om nie iemand te vergewe nie.

Dit is só gevaarlik dat jy selfs siek kan word indien jy nie vergewe nie. Hier dink ek aan 'n vrou in ons gemeente wat verbittering gehad het en toe vergroeisels in haar keel gekry het. Sy en haar man het 'n diens besoek waar 'n prediker die gehoor gevra het om eers na die kerk se bidkamer te gaan om daar die Here om vergifnis te vra, voordat hy vir hulle genesing sou bid. Sy het dit gedoen. Daardie aand toe hulle tuis gekom het, het sy met 'n flits in haar keel gekyk – net om te sien dat die vergroeisels weg was! Dieselfde aand het sy my gebel en gevra om die volgende oggend in die kerk hiervan te getuig. Omdat sy goed kon sing het sy daardie oggend 'n loflied tot eer van die Here gesing. Ons het hierdie vrou twee weke gelede (na 40 jaar) weer ontmoet – sy is al die jare volmaak gesond!

As jy aan iemand dink en dit maak nog seer, het jy nog nie vergewe nie.
Jy vergewe nie soseer omdat iemand dit sou verdien nie.
Jy vergewe iemand omdat jyself waarlik vry wil wees.

## **Wat sê die Bybel van geld en skuld?**
## **Romeine 13:8**

“*Wees aan niemand iets skuldig nie...” (Ou vertaling)*
*"Moet nooit by iemand in die skuld wees nie – betaal alles..."*
*(Lewende Bybel)*
*"Betaal jou skuld! Moet niks aan ander mense skuld nie..."*
*(Die Boodskap)*

Die omvang van mense wat in finasiële skuld is, is geweldig hoog. Daar is bevind dat 56% van alle egskeidings plaasgevind het as gevolg van finansiële druk wat daar was. Volgens die Woordeboek word skuld beskryf as: *"Geld of eiendom wat een persoon verplig is om aan 'n ander te betaal."* Die gevolge van skuld is: Dit vermeerder stres, en beskadig verhoudinge. Moenie jou skuld altyd uitstel na môre nie, dit kan gevaarlik wees, soos wat ons lees in Jak. 4:13-15.

Baie hou nie daarvan dat ons oor geld moet praat nie, veral nie in die kerk nie. Tog is daar meer as 2350 tekse in die Bybel oor geld en besittings, terwyl daar ongeveer 500 tekse is oor gebed en minder as 500 oor geloof. Jesus het baie geleer oor besittings en geld. Dink maar daaraan hoeveel tyd spandeer ons om geld te maak, uit te gee, en selfs daaroor te bid.

Dank God, Hy het belowe om vir ons te voorsien. In Fil. 4:19 staan geskrywe: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Al wat ons aan mekaar kan skuld is om mekaar lief te hê.
Mag die Here vir jou voorsien op 'n wonderlike wyse.
Raak ontslae van skuld sodat jy weer kan gee.

## Ons is in ‘n oorlog

**Efesiërs 6:12** Die Lewende Bybel: *"Daar is 'n oorlog aan die gang en ons veg ook daarin. Maar die vyand met wie ons te doen het, is nie 'n mens nie. Ons veg teen die onsigbare engele van die Satan en teen sy magte wat in hierdie donker tyd waarin ons lewe die wêreld oorheers. Hulle is bose geeste wat van buite die aarde af kom."*

Dit is nie ‘n maklike ding as jy aangeval word deur iemand wat ‘n wapen het, en jy het niks in jou hand nie. Jy sal natuurlik veiliger voel as die wapen wat jy het groter is as jou aanvaller se wapen. Die duiwel het wapens wat hy teen ons gebruik, maar dank God, ons wapens is groter en sterker as syne!

Ons het wapens wat ons verdedig. Een van ons sterkste wapens is waarheid. Dit is daarom dat Jesus gesê het dat ons die waarheid sal ken en dat die waarheid ons sal vrymaak, soos wat ons lees in Joh. 8:32. Die wete dat God jou van al jou sondes vrygespreek het, moet soos ‘n stuk staal jou hart en jou longe beskerm. Jou hart is die oorsprong van wie jy is en jou longe is dit wat die geestelike lug deurstuur na jou hele wese. Geen wonder jy het beskerming daarvoor nodig nie.

Ons geloof in God is soos ‘n skild wat al die pyle wat op ons afgeskiet word keer dat dit ons nie beseer nie. En in jou hand het jy ‘n swaard wat die beste aanvals-wapen is – dit is God se woord. En soos Jesus kan jy vir die vyand sê “daar staan geskrywe” deur God se woord aan te haal.

Ja, daar is ‘n oorlog aan die gang, en ons veg daarin.
Ons geveg is beslis nie teen mense nie – dit is teen die bose.
Gelukkig is ons aan God se kant en dit is die wenkant!

## Ware liefde kan bedek

**1 Petrus 4:8** *"Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek."* Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Die liefde sien ander se foute oor en gaan nie daaroor te kere nie."*

Hierdie teks leer ons nie om sonde toe te smeer nie. Dit leer ons dat ware liefde, kan soos 'n kleed, swakhede in ander toemaak sodat hulle nie in die skande sou kom nie. Wat maak jy as jy iemand moet groet en jou vinger is seer? Jy groet dan met die ander hand. Die rede hiervoor is jy beskerm die vinger wat seer is. Net so moet ons beskerm waar dit nodig is.

Dit is altyd 'n treffende verhaal vir my in Genesis 9:20-23 waar Sem en Jafet hul vader, Noag, se naaktheid bedek het. Dit spreek van ware respek en liefde. Hulle het nie Noag se sonde goedgekeur nie, maar gekeer dat ander nie sy toestand sien nie.

Die skilder wat Alexander die Grootte geskilder het, het hom geskilder waar hy sy hoof in bepeinsing op sy hand laat rus het – sodoende was die lelike wond aan sy wang, wat hy in die oorlog opgedoen het, bedek. Ons kan hieruit leer om te bedek.

Die liefde wat Israel se koning vir sy mense gehad het, was daarin dat hy nie sy roukleed vertoon het terwyl hy saam met hulle hongersnood gely het nie. Hy het sy roukleed bedek met sy konings kleed. (2 Kon. 6:25-30)

Daar is iemand wat jy ken wat 'n swakheid het.
Besluit om met die kleed van liefde hul swakheid toe te maak.
Ai, ons het baie liefde nodig van ons hemelse Vader!

**Leef om te leef!**

**Psalm 16:11** *"U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is."*

Baie mense leef om dood te gaan. Ja, die dood wag op almal – behalwe hulle wat sal leef wanneer Jesus weer sal kom om Sy bruid te kom haal. Maar kom ons besluit dat ons sal leef om te leef! Al is jy wat hier lees nie gesond nie, vra die Here om jou te leer hoe om te lewe.

Leef volgens die waarhede in God se woord. Laat Sy woord 'n lamp wees vir jou voete en 'n lig op jou pad. (Ps. 119:105)

'n Paar jaar gelede was ek baie siek in die hospitaal. Daar was selfs hulle wat geglo het dat ek dit nie sou maak nie. Nadat ek ontslaan was uit die hospitaal het ek een oggend in die spieël gekyk en 'n ou man van in die negentig gesien, wat baie siek was. Dadelik het ek die Here gedank dat ek volgens Hand. 1:8 gevul was met die "dunamis" krag van die Heilige Gees. Dié woord beteken "inwonende krag" van Sy Gees. Net daar het ek besluit om te leef! Sy Gees het my besluit bevestig en my aangedoen met Sy krag.

Kom ons vra die Here om ons te leer hoe om te leef.
Dit sal oorvloedige blydskap vir ons bring.
Neem hierdie besluit: "Ek sal leef om te leef"

## Daar moet 'n verskil wees

**Maleagi 3:18** *"Dan sal julle weer die verskil sien tussen wie goeddoen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie my nie dien nie."*

God haat sonde maar het die sondaar lief! In ons Skrifgedeelte sê God daar sal 'n tyd kom dat daar 'n duidelike verskil sal wees tussen hulle wat Hom dien en dié wat Hom nie dien nie. Die probleem vandag is dat baie kerkmense het soos die wêreldse mense geword en daar is ook wêreldse mens wat 'n "kerk baaitjie" aangetrek het.

Besluit om jouself te identifiseer as kind van God. Sou jy in die verkeer bestuur, of jy besig is om inkopies te doen en selfs as jy in die bank wag om bedien te word. Waarom ongeduldig word as jy nie heel eerste in die ry is nie? As Christen kos dit nie veel om vir iemand te glimlag en 'n woord van bemoediging te gee nie. Wees bewus daarvan dat daar baie druk op talle mense is. Jy kan 'n verskil maak vir die Here se koninkryk.

Omdat ons kinders van die Here is behoort ons die lewensmaat wat ons van die Here ontvang het met groot respek te hanteer. Man's moet dit altyd in gedagte hou dat die Here hul gebede nie sal hoor indien hulle hul vrou nie met eer behandel nie. Lees met aandag 1 Pet. 3:7 en laat dit 'n leefwyse vir jou wees.

Dit behoort nie vir ons moeilik te wees om goed te doen nie.
Rom. 12:21 sê ons kan die kwaad oorwin deur die goeie.
As jy weet om goed te doen, en jy doen dit nie, sondig jy.

**Twee is beter as een**

**Prediker 4:9,10** "Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."

Dit is 'n goeie besluit wat God geneem het toe Hy besluit het dat die mens nie alleen moes wees nie. Ons lees daarvan in Gen. 2:18: "Ook het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp ("ondersteuning / maat") maak wat by hom pas." Om 'n maat te wees, beteken om 'n kameraad, metgesel en vriend te wees – "Iemand met wie jy saam dinge doen en geniet."

Om 'n beter "maat" te wees, leer om met mekaar te gesels. Kan jy dink? Ek hoor van 'n man en vrou wat saam televisie kyk, terwyl hulle boodskappe aan mekaar stuur met hul fone. Stel belang in jou maat se werk en stokperdjie. Bespreek niks negatiefs van jou maat met ander nie. Gee beslis waardering. Wees bereid om van harte te vergewe. Geen geheime vir mekaar nie. Behou respek vir mekaar. As "respek" uitstap by jou deur het jy baie moeilikheid. Wees ook 'n geestelike maat deur saam Bybel te lees, saam te bid en ook saam kerk toe te gaan. Leer om saam te stem volgens Matt. 18:19.

Sterkte vir hulle wat nie meer hul lewensmaat by hul het nie.
Loof die Here vir die mooi tye wat julle saam gehad het.
Bid vir ons wat nog 'n maat het – dat ons mekaar sal waardeer.

# Josef het 'n droom gehad!

**Gen. 37:3,5** *"En Israel (Jakob) het Josef meer lief gehad as al sy seuns; want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak. Ook het Josef 'n droom gehad wat hy aan sy broers vertel het. Daaroor het hulle hom nog meer gehaat."*

Josef het drome gehad wat vir hom rigting in sy lewe gegee het. Hy het net te gou sy drome aan sy broers vertel. Hulle het hom gehaat omdat hulle verstaan het dat hulle eendag voor hom sou moes buig. Daaroor het hulle hom in 'n put gegooi en verkoop as 'n slaaf. Sy broers het sy mooi kleed stukkend geskeur en in bloed van 'n dier gedoop. Dié het hulle aan hul vader gestuur met die storie dat 'n wilde dier hom verskeur het.

Hy was maar 17 toe hy onskuldig in die tronk beland het omdat hy nie met sy baas se vrou onsedelik wou verkeer nie. Na 13 jaar in die tronk word Josef verhoog deur Farao. (Gen. 41:41) Hy word aangestel as die eerste Minister van Egipteland en sy droom wat hy aan sy broers vertel word waar. (Gen. 42)

Wat het die droom in jou hart dood gemaak? Het met jou gebeur wat met Josef gebeur het? Het mense jou verag en verneder? Voel jy dat jy uitverkoop was? Het versoeking 'n rol gespeel in jou lewe? Is jy onskuldig veroordeel? Het mense hul beloftes aan jou vergeet? Skep moed: Indien Josef al hierdie dinge kon oorkom – verseker jy ook!

Ons drome maak ons anders as hulle wat God nie dien nie.
Moet net nie oorhaastig jou drome aan ander vertel nie.
Besluit om groter te droom omdat jy dit van God ontvang het.

# Moenie vir mekaar kwaad word nie

**Genesis 45:24** *"Daarop het hy (Josef) sy broers weggestuur, en hulle het vertrek; en hy het aan hulle gesê: Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie."*

Die verhaal van Josef en sy broers bly 'n treffende een. Nadat hulle hom sleg behandel het en ook as slaaf verkoop het, het daar 'n tyd aangebreek dat Josef tweede in bevel van Egipteland was. Daar was hongersnood en sy broers het kos kom koop in Egipte. As broers het hulle met mekaar versoen. Nou stuur hy hulle terug na hul tuisdorp en vra om sy vader te gaan haal, maar die opdrag is dat hulle nie vir mekaar kwaad word op die pad nie.

Op die pad wat jy en ek in hierdie lewe loop moet ons ook leer om nie vir mekaar kwaad te word – nie in die familie, gemeente of waar jy werk nie. Kom ons vra hierdie vraag: Wat kan ons kwaad maak op die pad? Een antwoord kan wees, as die persoon met wie jy 'n pad loop maak of hy jou nie ken nie. Nog 'n antwoord kan wees: As die persoon met jy loop kort-kort afdraai van die roete waarop julle besluit het. Dit kan ook wees dat as jy sou val jy nie iemand het wat jou optel nie. (Lees weer Pred. 4:8,10)

Wees eerlik: Daar is mense wat jou kwaad maak op jou pad.
Sovêr jy kan leef in vrede met mense. (Rom. 12:18)
Dit is beter om 'n vriend te wen as om 'n argument te wen.

## Maak seker jy kies reg

**Josua 24:15** *"Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien…maar ek en my huis, ons sal die Here dien."*

Hierdie teks vind ons aan die einde van Josua se lewe toe hy reeds honderd-en-tien jaar oud was. Net voor sy dood het hy Israel opgeroep om 'n keuse te maak wie hulle wil dien. Daardie dag het Israel, as volk, belowe om die Here te dien. Hierdie keuse is wat elke mens op aarde moet maak. Ek wil aanneem jy het dit al gedoen?

Om 'n keuse te maak is iets wat gedurig oor ons pad kom. Moenie bang wees om 'n keuse te maak nie – maar vertrou die Here dat jy altyd die regte keuse sal maak. Kies die Here as jou Geneesheer en glo in 1 Pet. 2:24. Kies Hom as jou Voorsiener in alles wat jy nodig het en glo wat geskrywe staan in Fil. 4:19. Kies die Here as Hoof van jou huis – nie net met 'n omraamde woord wat teen jou muur hang nie.

Om God te dien en Hom toe te laat om ons te lei oral waar ons gaan is 'n keuse wat ons maak. Ons moet dit nie net persoonlik maak nie. Ons moet ons gesin help om dit ook te doen. Ek het my vier seun gehelp om Jesus te kies toe hulle nog tieners was.

Ek is so dankbaar dat daar 'n teks is soos Psalm 37:5.
Moenie vergeet om Sy wil te soek in besluite wat jy neem nie.
God gee jou die drang om Sy wil te doen – asook die krag.
(Lewende Bybel: Fil. 2:13)

## Jy mag met vertroue bid

**Hebreërs 4:16** Die Lewende Bybel: *"Laat ons dan vol vertroue na die troon van God gaan, want daar sal Hy ons sy liefde en genade gee juis wanneer ons dit nodig het."*

Toe jy God se kind geword het, was een van die grootste voorregte wat jy ontvang het, die reg om enige tyd na God se troonkamer te gaan. Dink daaraan dat jy deur gebed enige tyd met jou hemelse Vader kan praat – is dit nie 'n wonderlike voorreg wat ons geniet nie? Jy hoef nie eers hard te roep en te skreeu nie, want God se oor is altyd oop om na jou te luister.

Baie Christene het hul vertroue in die Here verloor. Hulle het vergeet wat hulle posisie in die Here is. Indien jy daar gekom het moet jy weer met aandag gaan lees in Efesiërs. Veral die eerste hoofstuk wat ons daarop wys dat ons geseën is met alle geestelike seëninge uit die hemel. Ook dat God jou uitgekies het; dat jy volkome vergewe is en dat jy ook Sy erfgenaam is. Bó dit alles is jy verseël met die Heilige Gees. Al hierdie waarhede sal jy vind in Efesiërs een.

Jy mag meer as eenmaal bid oor iets. Dit is nie ongeloof nie.
Jy mag bly klop, totdat die deur vir jou oopgaan. (Matt. 7:7,8)
Hou aan bid want jou uitkoms is nader as wat jy dink!

# Toevlugsoord

**Nahum 1:7** *"Die Here is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil."*

Die Boodskap vertaal dit met: *"Die Here is goed. As swaar tye kom, is 'n mens veilig by Hom. Hy sorg vir mense wat wys dat hulle Hom vertrou."*

Ons lees dat Israel sekere stede gehad het wat vir hulle gedien het as 'n Toevlugsoord. Lees daarvan in Jos. 20; Num. 35 en Deut. 19. Drie van dié stede was op berge en drie was op die gelyk veld. Drie was links van die Jordaan en drie was regs. As 'n Israeliet, sonder opset, iemand doodgemaak het, kon hy vlug na een van hierdie Toevlugsoorde. Daar kon niemand sy hand aan hom slaan nie. By die ingang van daardie stad kon die vlugteling sy saak stel aan die leiers in die stad. Hulle het dan besluit of hy toegang sou kry tot die Toevlugsoord. Eers ná die dood van die hoëpriester was hy vry om terug te keer na sy tuisdorp.

Maar dank God, ons het 'n ewige Toevlugsoord! En selfs die skuldigste kan met groot vrymoedigheid daar gaan skuil. En hierdie "Toevlugsoord" is Jesus Christus. Nahum die profeet stel dit so mooi en duidelik in ons teks: *"Die Here is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil."*

Ja, Hy ken jou by jou naam, en Hy is waarlik goed.
Indien jy in benoudheid verkeer – jy het 'n skuilplek.
Jy hoef nie te pleit vir toegang nie. God is jou Toevlugsoord!

# Voel jy of jy in ‘n woestyn is?

**Lukas 4:1,2** *"En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is…"*

Jesus was so pas gedoop deur Johannes die doper in die Jordaan, toe bostaande met Hom gebeur het. Nadat Jesus gedoop was het die Heilige Gees op Hom gekom en het God uit die hemel geantwoord dat dit Sy geliefde Seun is. Nou sê ons teks dat Jesus deur die Heilige Gees gelei is na die woestyn.

Ons geniet dit wanneer die Here ons lei na waters waar rus is. Maar is dit moontlik dat Hy ook ons kan lei na ‘n woestyn? Nie een van ons doen aansoek om na ‘n woestyn toe te gaan nie – veral om dan daar versoek te word nie! Jesus was vir veertig dae deur die duiwel versoek in die woestyn.

Jesus was na veertig dae se vas, honger. Dit is toe dat die duiwel Jesus versoek om brood te maak uit die klippe wat daar was. Jesus het nie die klippe in brood verander nie – anders het Hy dit in opdrag van die duiwel gedoen. Jesus was ook verder versoek maar het meer as oorwinnaar uit die woestyn gekom.

Al vind jy jouself in ‘n woestyn – maak seker God is met jou. Geen versoeking is teveel om te oorwin nie. (1 Kor. 10:13) Maak net seker dat jy ook vol is van Sy wonderlike Gees!

## Het God jou ook gemerk?

**Esegiël 9:4** Die Boodskap: *"Die Here sê toe vir hom: Stap deur die strate van die stad. Maak met jou pen 'n merk op die voorkop van almal wat hartseer is en wat huil oor die sondes wat hulle heeldag rondom hulle sien."*

Dit is 'n eienaardige Skrifgedeelte, maar so treffend. In die tyd van Esegiël was God baie bekommerd oor die toestand van Israel. Sy grootste bekommernis was met die leiers wat onheilige dinge aangevang het. Ons lees daarvan in Eseg. 8. God wou graag hulle wat saam met Hom treur oor hierdie toestand uitkenbaar gemaak het – Hy doen dit deur hulle te merk.

My vraag is: Het God jou ook gemerk? Ween jy ook oor jou volk? Jeremia het geween oor sy mense. Ons lees daarvan in Jer. 9:1: *"Ag, was my hoof maar water en my oog 'n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beween die wat verslaan is van die dogter van my volk."*

God sal kennis neem as jy ernstig roep na Hom – en ek glo Hy sal jou ook "merk" om jou verseker te gebruik. Alles sal afhang hoe jou optrede sal wees rakende wat jy om jou sien gebeur.

Mag jou droefheid in blydskap verander. (Joh. 16:20)
Moenie ophou ween en bid nie – God se lig sal deurbreek.
Jy weet dat die Here jou "gemerk" het, om te gebruik.

## Die seën van die gee van tiendes

**Maleagi 3:10** Die Boodskap: *"Bring julle volle tiende na die tempel se stoorkamers toe sodat daar genoeg kan wees om dié wat nie vir hulleself kan sorg nie te help. Probeer dit en kyk wat gebeur. As julle dit doen, sal julle sien dat julle My hande wat agter my rug vasgemaak is, losgemaak het, en dan sal Ek weer vir julle kan sorg na die beste van My vermoë."*

Het jy die storie gehoor van die Tesourier se verslag? Dan vertel ek dit graag vir jou. Aan die einde van die jaar het die tesourier aan die gemeente verslag gedoen: *"Die goeie nuus is dat die skuld van R25000 op ons kerkgebou afbetaal is. Die pastorie is opgeknap en uitgeverf. Die predikant se salaris is verhoog en die Sending bydraes het met 200% gestyg. Daar was geen uitstaande rekeninge nie en daar is 'n batige balans van R12000."*

'n Verbaasde gemeente wou weet: *"Maar hoe is dit moontlik?"* Bedaard het hy hulle geantwoord: *"Wel, die meerderheid van julle lewer graan by my Graansuier af. Al wat ek gedoen het was om 10% terug te hou en namens julle aan die kerk oor te betaal. Julle het dit nooit gemis nie! Kan julle sien wat vir die werk van die Here gedoen kan word indien ons gewillig is om die tiende wat aan die Here toekom, aan Hom te gee?"*

My gebed is: *"Here, seën U kerk deur die gee van tiendes!* As ons almal maar net kan gee aan die Here, wat Hom toekom. Moenie terug hou wat aan jou hemelse Vader hoort nie.

**God se liefde dryf alle vrees uit**

**1 Johannes 4:18** *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie."*

As daar een ding is wat vrees oor die aarde gebring het, dan is dit die Coronavirus. Soveel so dat groot sport gebeure soos die Superrugby, Krieket, Sokker en vele ander gekanselleer is – asook talle ander. Dit is moontlik vir die hele jaar. Vliegtuie is amper tot stilstand gebring. Skole en Universiteite is gesluit. Mense is selfs bevrees om mekaar met die hand toe groet.

Vrees maak meer mense dood as enige siekte. Dank die Here vir Sy woord wat ons leer in 2 Tim. 1:7 *"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."* Ons teks voeg hierby dat God se volmaakte liefde sal alle vrees wat ons bedreig weg dryf van ons af.

My raad aan jou en ook aan my is dat ons nie onverskillig moet staan teenoor hierdie nuwe siekte nie. Doen jou bes om jouself te beskerm deur jou hande gereeld te was en nie oorbodig mense te groet nie. Maar moet nie vrees toelaat nie! Die 1983 vertaal dit met: *"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie…"*

Dankie dat jy ook ernstig bid teen hierdie Coronavirus.
Bid ook dat die Wetenskaplikes 'n middel daarteen sal vind.
Bó alles, bid dat God wêreldwyd 'n herlewing sal stuur.
Want God is nie onkant gevang met hierdie virus nie!

## Jy is uniek gemaak

**Psalm 139:13,14** *"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering…"*

Is jy tevrede hoe jy lyk? Sou jy jou krom neus meer reguit wou hê? Jou bene langer en jou voete kleiner? God self het jou aanmekaargeweef in jou moederskoot. Die kleur van jou hare het Hy bepaal. Jou lengte het Hy bepaal. Jou oë se kleur het Hy vir jou gegee. Jy is uniek deur God gemaak. Jou etiket lees: Handgemaak met groot liefde, deur God." (Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)

Ek geniet dit om Ps. 139 te lees, want elke keer besef ek dat God my uniek gemaak het. Ps. 139:14 in die New King James stel dit in hierdie woorde: *"I will praise You, for I am fearfully and wonderfully made."* Ek dink dit is 'n besondere manier om te beskrywe hoe God ons gemaak het. Moet nooit minder as dit van jouself dink nie.

Miskien was jy beledig op skool, deur 'n onderwyser wat jou vertel het dat jy nie veel in die lewe sal bereik nie? (Ek het so 'n ondervinding gehad) Moontlik was dit iemand in jou familie of vriendekring? Gaan kyk jouself in 'n spieël en vertel jouself dat jy uniek is. Daar is niemand soos jy nie – en jy is God se geseënde!

Besluit om vandag iemand te bemoedig deur iets mooi te sê. Sê vir iemand dat jy dink hulle is goed genoeg, soos hulle is. In elk geval – die meeste mense op aarde is goeie mense.

## Saai (plant) jy net die saad!

**Markus 4:26,27** *"En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot – hoe, weet hyself nie."*

As ek 'n saad van 'n tamatie in jou hand sit dat jy dit moet plant – dan verbaas jy jouself as jy sien dat daar 'n groen plant met die pragtigste rooi tamaties te voorskyn kom. Hoe dit gebeur het weet jy nie – jy het net die saad geplant.

So werk dit met alles wat ons plant, in die natuur asook in die geestelike dinge. Dit is daarom dat ek jou aanmoedig – plant jy net die saad! Een van die mooiste dele oor saai en maai (oor gee en ontvang) is sekerlik 2 Kor. 9. Verse 6 tot 8 bly vir my uitstaande. Paulus sê nogal dat ons moet daaraan dink: *"Wie karig saai, sal karig oes, en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie (daarom gee jy nie tot jy seerkry nie) want God het die blymoedige gewer lief."* Dan vertaal die Lewende Bybel 2 Kor. 9:8 met: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."*

In elk geval: Hoeveel het jy en ek nodig om van te leef? Ons probleem is dat wanneer ons vir ander ook wil gee en ons het nie eers genoeg vir onsself nie.

Mag die Here jou oorlaai met Sy goedheid.
Mag jy meer as genoeg hê sodat jy vir ander baie kan gee.
Al wat jy moet doen is om te gee – die res los jy vir die Here!

**Ons land het dringend herders nodig**

**In Johannes 10:11 het Jesus van Homself gesê:** *"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."*

Soos wat Jesus ons herder geword het, só glo ek, het Suid Afrika ware herders nodig. Veral in hierdie tyd van onsekerheid en spanning wat die Coronavirus veroorsaak het, het ons nie doem profete nodig nie – ook nie mense met die grootste openbaringe nie. Maar (en hoor my mooi) ons het ware herders nodig met die kwaliteite wat Jesus van Homself uitgespel het in Joh. 10. **Ons het mense nodig wat sal omgee vir ander!**

Maak 'n studie van Joh. 10 dan sal jy weet hoe jy kan omgee vir jou mede-mens in hierdie moeilike tyd wat oor ons wêreld gekom het. As jy 'n ware omgee persoon is sal mense graag na jou wil luister. (Joh. 10:3) As jy 'n herder – omgee persoon is – sal jy mense op die regte paaie lei en hulle nie verwar nie. (Lees Joh. 10:4)

Die volgende paragraaf is nie om aan te val nie – dit kom net eerlike uit my hart. Iemand wat 'n huurling is sal weghardloop wanneer probleme kom. (Joh. 10: 12,13) Mense wat omgee bid en bemoedig hulle wat siek is en ondersteun hulle in nood. Mense wat omgee reik uit na dié wat weggedwaal het van hul hemelse Vader.

Ons land het nie beter predikers nodig nie.
Ook nie sterker Politieke leiers nie – maar mense wat omgee.
Wil jy jouself nie aanmeld as 'n "omgee-mens" nie?

## Hoe om op te tree in 'n storm

**Handelinge 27:20** *"En omdat die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie, en 'n hewige storm ons gedruk het, is eindelik alle hoop om gered te word, ons ontneem."*

Baie keer kom ons in 'n "storm" wat ons nie verwag het nie. Elke huis gaan tans deur 'n geweldige storm rakende hierdie dodelike Coronavirus wat ons onverwags oorval het. Dit het ons net eenvoudig onkant gevang. Maar dank God, Hy is nie onkant gevang nie – en ek glo God het 'n plan vir ons!

As jy tyd neem om Hand. 27 met aandag te lees sal jy sien wat gebeur het met Paulus en die bemanning op 'n boot wat besig was om te vergaan, weens 'n geweldige storm. Die eerste wat hierdie manne gedoen het was om van die vrag ontslae te raak. (v. 18) Bevind jy jouself in 'n storm? Die eerste wat jy moet doen is om ontslae te raak van die swaar laste wat jy dra. (Lees Heb. 12:1)

Kan ek jou nog raad gee? Hou vas aan die roeping en doel wat jy het. Storms is geen verskoning om uit die boot te klim nie. (v. 22) As 'n storm kom wees versigtig wat uit jou mond kom. Moenie negatief praat nie – praat met geloof! Volg Paulus se voorbeeld in vers 25, toe hy uitgeroep het: *"Daarom, hou moed, manne; want ek glo God…"*

Jou optrede as 'n ware gelowige sal ander om jou moed gee.
Fokus, met alles wat in jou is, op jou einddoel in die lewe.
Moet nooit jou hoop verloor dat God redding sal stuur nie.

## Is God ook besig om in jou te werk?

**Filippense 2:13** Die Lewende Bybel: *"Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."*

Vir die eerste veertig jaar in Moses se lewe het God in hom gewerk sodat hy menslike wysheid sou bekom. Dit was toe hy in Egipte was. Die volgende veertig jaar het God in hom gewerk sodat hy sy menslike hulpeloosheid sou besef. Dit was in die woestyn van Midian. Sy laaste veertig jaar het God in hom gewerk sodat hy God se bonatuurlike krag sou verstaan. Ook in hierdie laaste veertig jaar in Moses se lewe het hy geleer om God se stem beter te ken – soveel so dat God met hom soos 'n vriend kon praat. Al hierdie tyd wat God in hom gewerk het was om Moses voor te berei om meer as twee miljoen Jode deur die woestyn te lei na hulle beloofde land.

Smith Wigglesworth het gesê: *"We will never know the mind of Christ until we learn to know the voice of God."*

Net soos ek, weet jy dat God besig is om in jou te werk.
Hy gee ons die begeerte om te doen wat Hy wil hê.
Wonderlik: Dan gee Hy ons ook die krag om dit te doen.

**Sluit jou deur agter jou toe**

**Jesaja 26:20** 1953 Vertaling: *"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan"*

1983 Vertaling: *"Gaan in julle slaapkamers in, my volk, sluit die deure agter julle toe. Kruip 'n rukkie weg totdat God klaar is met straf."*

Hierdie teks het al oor die aarde beweeg vandat daar 'n inperking ("a lockdown") oor ons wêreld gekom het. Nie een van ons het nog ooit gesien en ervaar wat tans met die mensdom gebeur nie. Dit is meer as 'n nagmerrie.

Dit is asof ons Skrifgedeelte duisende jare gelede, in die tyd van Jesaja, vir hierdie tyd geskryf was. Ek is nie seker of ons hierdie teks totaal op ons van toepassing kan maak nie, maar ek wil glo dat ons net vir 'n kort rukke onsself agter deure sal moet toesluit. Mag hierdie "nagmerrie" gou verdwyn en ons vertroue is op die Here om 'n magtige deurbraak te gee en 'n geestelike herlewing. Ek is oortuig dat God nie onkant gevang is met wat ons tans ondervind nie. Volgens Jer. 29:11 het die Here 'n plan vir ons. Hierdie plan is: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"* Glo die Bybel en roep dit hoorbaar uit!

Gebruik hierdie tyd agter geslote deure met wysheid.
Wy jouself meer aan God toe en bid ernstiger vir herlewing.
Maar besluit om goed te doen en gee opreg om vir ander.

## God se wysheid

**Jakobus 3:17** *"Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins."*

As daar ooit 'n tyd was dat ons land God se wysheid nodig gehad het, dan is dit nou terwyl elke nuus kanaal gevul is met net een boodskap. Dit is oor die Coronavirus.
Vrees het soos 'n kombers die aarde toegemaak. Donkerheid wil ons oorweldig. Maar dank God, by Hom is daar ware wysheid te kry. Die Woordeboek verklaar: Wysheid is die vermoë om verstandige besluite te kan maak. Daarom soek ons God se wysheid.

Die Lewende Bybel sê in Jak. 3:17 die volgende van wysheid wat van God kom: *"Dit het baie meegevoel met ander mense en doen goed aan hulle."* En in Die Boodskap lees ek dat God se wysheid in iemand maak dat hy nie *"moeilik is om mee saam te werk nie, en hy vergewe ander maklik en doen graag dinge vir ander sonder om iets terug te verwag; wat hy doen, sal altyd net goed vir ander wees."*

Indien jy nie reinheid kan koppel aan die wysheid wat na jou kom nie, wees versigtig. Wysheid wat van die Here kom sal sonder selfsugtige motiewe wees. Wysheid wat van God kom sal ook vredeliewend wees. Meet dus enige wysheid wat jou pad langs kom met die vrede wat dit bring. Verwerp enige "wysheid" as dit nie kom met vrede nie.

<u>Onthou altyd die volgende</u>:
Wysheid wat van die Here kom is onpartydig.
God se wysheid is vredeliewend en vriendelik.
Ware wysheid luister ook na ander se siening.

## Wat is jou Visie?

**Habakkuk 2:2** New King James Bible: *"The Lord answered me and said: Write the vision and make it plain on tablets, that he may run who reads it."*

Nadat ek vyf vertalings gelees het, het ek besluit om hierdie Engelse een te gebruik, wat die boodskap van vandag die duidelikste stel. My vraag vandag is: Wat is jou visie en wat word bedoel – as ons praat van visie? Die Woordeboek antwoord hierop: *"Visie is dit wat ons in ons gees sien en beleef wat ons inspireer vir die toekoms."* Soos Habakuk moet jy jou visie neerskryf sodat jy dit sal verstaan, maar ook ander sal inspireer om daarmee te hardloop.

Visie sal jou op koers hou as alles om jou in duie stort. Dink aan Paulus in 'n storm op 'n boot wat wou vergaan. Omdat hy 'n visie in sy hart gehad het oor sy toekoms kon hy uitroep teenoor die matrose in Hand. 27:25 *"…hou moed, manne; want ek glo God…"* Net jou visie (jou droom in jou hart) sal jou vandag inspireer om te glo vir jou toekoms.

Indien jy jou visie kan voltooi in jou leeftyd, dan was jou visie nie groot genoeg nie! Kom ek vertel jou die verhaal van "Disney World" naamlik, die volgende: Walt Disney het 'n biljoenêr geword met 'n rot en 'n eend, by name Mickey Mouse en Donald Duck. Ná sy dood is sy vrou genooi na die opening van Disney Land. Daar sê iemand vir haar: "Jammer dat jou man nie sy droom kon sien nie!" Haar antwoord was die volgende: "Hy het!"

Neem tyd en gaan skryf wat jou visie in jou hart is.
Skryf dit duidelik sodat jy dit ook sal verstaan.
Mag jou visie in jou hart ander ook moed gee.

## Liefde dryf vrees uit

**1 Johannes 4:18** *"Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie."*

Vrees knaag gereeld aan elke mens en steel ons energie. Ons vrees die onbekende, ons vrees om iets verkeerd te doen en te sê. Baie vrees die dood en ook van 'n dierbare. Om bang te wees is iets wat almal ondervind. Geen wonder daar is 366 tekste in die Bybel wat praat van "Moenie bang wees nie" – amper een teks vir elke dag.

God se liefde laat ons anders optree wanneer vrees oor ons wil kom. Daar is gewone vrees, soos om uit die pad te spring van 'n motor wat op 'n hoë spoed op jou afpeil. Maar dan is daar daardie soort vrees wat jou keer dat jy nie rustig kan slaap nie. Ek is só dankbaar dat God ons nie 'n gees van vrees gegee het nie, maar van selfbeheersing, krag en van liefde. (2 Tim. 1:7)

Kom ons bid dat God se liefde alle vrees wat ons wil oorweldig sal verdryf, uit ons harte en uit ons huise. Mag die Here jou hele gesin toemaak met Sy wonderlike liefde. Stuur ook 'n boodskap aan jou gesin van "Moenie bang wees nie" – doen dit sommer op WhatsApp. Moenie daarop vrees-aan jaende boodskappe stuur nie. Ek wonder hoekom doen mense dit?

Die boodskap aan jou is dat liefde alle vrees uitdryf.
Wees 'n draer van die liefde van jou hemelse Vader.
Glo in 1 Johannes 4:8: *"God is liefde."*

## God hou van jou as...

**Psalm 119:1-4** Die Boodskap: *"God hou baie van jou as jy presies doen wat Hy in die Bybel sê. God hou baie van jou as jy Sy woorde diep in jou hart bêre en elke dag jou bes doen om Hom gelukkig te maak, ook as jy nie agter al wat sonde is, aanhardloop nie, maar alles doen wat Hy vir jou sê. God, U sê presies vir my hoe ek moet leef."*

Ek hoop jy hou ook van jouself? Daar is baie mense wat nie van hulleself hou nie. Dit is tragies maar dit is 'n waarheid. Ek sien dit soms op die gholfbaan waar van my vriende hulle stokke wil breek of so lelik praat dat hulle my verskoning vra. Ek veroordeel hulle nie maar kry hulle jammer. Ons moet onsself liefhê voordat ons ooit ander kan liefhê.

Gelukkig hou God van ons of moet ek eintlik sê dat God ons lief het? Ons teks stel dit baie duidelik dat God baie van ons hou, maar dan kom 'n voorwaarde "as" jy presies doen wat Hy in die Bybel sê. God se liefde is beslis nie goedkoop nie en daar is selfs 'n voorwaarde gekoppel aan Sy beloftes in Sy woord. God sal baie van jou hou as jy elke dag jou bes doen om Hom gelukkig te maak. Lees gerus weer Matt. 6:33.

Wil jy graag weet hoe jy God gelukkig kan hou?
Lees jou Bybel (Sy woord) wat jou sal sê wat jy moet doen.
Vra Sy Gees om jou te lei in al die waarheid.

## Die onheil sal verbygaan

**Eksodus 12:23** *"As die Here verbykom om die Egiptenaars te tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie."*

As daar ooit 'n teks is waarvoor ons God moet dank, dan is dit hierdie een – die nag toe die Pasga ingestel was – daardie nag toe die doodsengel wat deur Egipte beweeg het, nie God se volk getref het nie. Al die deure waar daar nie bloed van 'n lam aan die deurkosyne was nie was die oudste in daardie huis getref met die dood.

Die Engelse Bybel praat in Ex. 12:23 van "pass over" en in Afrikaans word "verbygaan" gebruik. Onderstreep die woord verbygaan in jou gedagtes. Dank God alle gevaar sal by ons – Sy kinders – verbygaan wanneer God die bloed van Jesus kan sien in ons harte. Daarom behoort jy nie bang te wees nie! Ook nie vir die onsigbare virus wat oor die wêreld gekom het nie!

Glo opnuut in Psalm 91:7,16: *"Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie...n Baie lang lewe sal ek hom gee en oor my hulp sal hy hom verbly."* Wat die Here vir ons duidelik wil sê is dat alles wat wil vernietig by ons sal verbygaan.

Maak seker dat God Jesus se bloed kan sien in jou hart.
Jesus se bloed bied vir ons volkome reiniging en beskerming.
*"I will stay right under the blood, where the devil can do me no harm"*

## Leer om geduldig te wag

**Heb. 6:13-15** *"Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder. En so het hy die belofte verkry <u>nadat hy geduldig gewag het</u>."*

Abraham was 75 jaar oud toe God aan hom n belofte gemaak het dat hy vader van baie nasies sal word. Hy moes 25 jaar wag voordat hierdie belofte eers begin waar word het. Het jy gehoor dat ek sê "eers begin" waar word, want toe is Isak gebore.

Ons hou nie van wag nie – ek verseker nie. Maar dit is iets wat ons moet leer om te doen, want geen mens word daarmee gebore nie. Dink net wat kan 'n baba alles aanvang wanneer hy moet wag vir sy melk. Praat nie eers van 'n tiener wat soms moet wag vir sekere dinge nie. Tans is ons almal beperk in ons bewegings en ook gedwing om te leer dat ons moet wag. Ons moet nie net wag dat hierdie nagmerrie moet verbygaan nie – ons moet leer om geduldig te wag op God se beloftes.

Gaan kyk in jou Bybel waar jy datums aangeteken het by tekste, toe die Here beloftes aan jou gegee het. Hou daardie beloftes lewendig deur daaroor ernstig te bid dat dit vir jou en jou geliefdes sal waar word.

In Jes. 62:6,7 is hierdie woorde opgeteken:
*"Julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie…"*

# Wees iemand met Blydskap

**Filippense 4:4** *"Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"*

Blydskap is meer as om gelukkig te wees. Nêrens sê die Bybel dat ons altyd gelukkig sal wees nie. Maar die Bybel sê dat ons altyd bly kan wees in die Here. Jy sien geluk is gekoppel aan omstandighede. Blydskap is gekoppel aan jou verhouding met God.

'n Bly mens is 'n vry mens. Dit is iemand wat kan glimlag vir almal wat hulle teëkom. Dit laat ander voel hulle word raakgesien. Iemand wat blydskap ken maak melding van die mooi dinge in ander se lewe, en vind dit maklik om waardering te gee. Dit laat hulle waardevol voel. Het jy al gevoel jy wil spring van blydskap? In Hand. 3:8 sien ons hoe iemand selfs van blydskap gespring het om God te prys!

Ek deel met jou 'n paar Skrifte oor blydskap. Maak Ps. 85:7 jou gebed: *"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?"* Die Boodskap vertaal dit met: *"Help ons om weer nuut te begin lewe sodat U kinders vrolik en bly kan wees."* Dan lees ons in 1 Thes. 5:16,18: *"Wees altyddeur bly…Wees in alles dankbaar…"* Ook hier is die vertaling in Die Boodskap treffend: *"Wees altyd vol blydskap...Wees heeltyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur..."*

Alleen opregte dankbaarheid teenoor God, sal blydskap verseker.
Herlewing sal God se blydskap terugbring in ons harte.
Is jy 'n bly mens? Want dan sal jy 'n vry mens wees!

## Die boodskap van "Saai en Maai"

**2 Korinthiërs 9:6** *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."*

Die boodskap van "Saai en Maai" is iets wat almal moet verstaan en tog is dit nie vir almal so maklik om te aanvaar nie. Dit behoort 'n leefwyse te wees. In hierdie Skrif gaan dit waar Paulus mense leer om vir ander gelowiges te gee. Dit is waar dat die boodskap van "Saai en Maai" meer is as net om geld en middele te gee.

Ek sal nooit vergeet hoe moeilik dit vir my was om 'n baie arm gemeente in Kiev, Ukraine, hierdie waarheid in 2 Kor. 9:6 te leer nie. Bó alles moes ek deur 'n Russiese tolk met hulle praat. Ek het aan die ongeveer 200 mense wat daar was, met trane in my oë hierdie groot waarheid geleer. Ek moes dit doen om hulle te help om uit hul armoede te kom. Ek het die gehoor gevra om die min kontant wat hulle het met mekaar te deel voordat hulle sou gee. Al wat sommige by hulle gehad het, was die "token-tekenmunt" van hul treinkaartjie, wat hulle toe gegee het. As gevolg hiervan moes van hulle kilometers huis toe loop.

Twee jaar later, toe ek weer hierdie gemeente besoek het, was hulle getuienis dat die boodskap in 2 Kor. 9:6 vir hulle waar geword het. Hulle het uit die min wat hulle gehad het gesaai en God se voorsiening gemaai. Talle het werk gehad en daar was 'n merkbare verskil van voorspoed in dié gemeente.

My uitdaging is dat ek en jy volop sal saai waar dit nodig is. Moenie terughou omdat jy voel jy het nie baie om te gee nie. Lees ook verse 7 en 8 van 2 Kor. 9 – en glo dit!

## Laat toe dat God jou koers bepaal

**Psalm 37:23,24** Die Boodskap: *"Die Here bepaal wat in die lewe van mense gebeur met wie se optrede Hy tevrede is. Hy laat dit goed gaan met hulle. As hulle op die grond neerslaan, bly hulle nie lê nie. Die Here kom buk by hulle en tel hulle weer op."*

Die 1983 vertaling sê: *"Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en ondersteun hom."* Mag ek vra of jy toelaat dat God jou koers bepaal? Want dan sal die Here jou ondersteun en indien jy sou val sal Hy buk om jou weer op te tel. Is jy moontlik op 'n plek dat jy opgetel moet word? Moet nooit God se uitnodiging in Matt. 11:28 vergeet nie, naamlik: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*

As mensdom het ons nog nooit druk ondervind soos wat tans oor ons almal gekom het nie. Vrees maak meer mense siek en dood as wat enige virus dit sal kan doen. Moenie vrees nie, maar laat God se liefde alle vrees uit jou lewe uitdryf. Lees gerus 1 Joh. 4:18 en 2 Tim. 1:7 – en vra die Here om Sy liefde oorvloedig uit te stort in jou hart. (Rom. 5:5)

Laat jou weg oor aan die Here en vertrou op Hom. (Ps. 37:5)
Ken Hom in alles wat jy doen – Hy sal jou op die regte pad hou. (Spr. 3:6)
Dan sal die Here jou koers bepaal omdat Hy tevrede is met jou.

## Oortuig en aankla

**Johannes 16:8** *"…en as Hy (Die Heilige Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel…"*

Daar is 'n groot verskil tussen "oortuig en aankla" – daarom word dit gesê dat God se Gees ons oortuig. Die woorde in Engels is "convict and accuse" – die eerste een is van toepassing op God en die tweede op die duiwel. Want die duiwel is 'n aanklaer soos wat ons lees in Open. 12:10: *"…die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."*

Die duiwel se namaaksel vir oortuiging is veroordeling. Maar dié wat in Christus is het geen veroordeling nie. (Rom. 8:1) Veroordeling se boodskap aan jou is dat jy reeds skuldig verklaar is. Oortuiging se boodskap aan jou is dat jy moet besef iets is nie reg nie, en dat jy 'n kans kry om dit reg te stel. Die Heilige Gees oortuig ons om die verkeerde rigting te laat staan en die pad te soek wat God tevrede sal stel.

Dit is nie maklik vir ons om "oortuig en aankla" mooi te verstaan nie. Die rede hiervoor is dat ons veroordeel onsself elke keer as die Heilige Gees ons oortuig dat iets nie reg is in ons lewe nie. Goddelike oortuiging is bedoel om ons op te tel uit die druk op ons en ons te plaas op 'n hoër vlak, naamlik bevryding.

Voel skuldig as jy oortuig word – maar nie as jy bely het nie.
As die Here vergewe het dink Hy nie meer aan ons foute nie.
As God nie daaraan dink nie, moet ons ook nie!

## Gesuiwer soos goud

**1 Petrus 1:6,7** Die Lewende Bybel: *"Julle moet bly wees wat vir julle voorlê, al vind God dit nodig om julle nou vir 'n tydjie hartseer te maak met al die moeilikhede waarmee Hy julle op die proef stel.* ***Onthou hoe daar met goud gewerk word.*** *Goud is iets wat uiteindelik sal vergaan, en tog doen mense die moeite om dit in die vuur te smelt om vuiligheid daaruit te verwyder…"*

Dat God besig is om ons gedurig te reinig is duidelik. Soos wat goud gesmelt word op n baie hoë graad só word al die moeilikhede waardeur ons gaan gebruik om ons soos suiwer goud voort te bring. 'n Goudsmid neem die gouderts en plaas dit in 'n oond wat vir meer as 1000 grade F verhit word. Dan neem hy 'n instrument om alle onsuiwerheid wat bó is te verwyder. Hy doen dit 'n paar keer, totdat net die suiwer goud sigbaar is. Só suiwer dat jy jou gesig in die goud kan sien.

Jou geloof is meer werd as suiwer goud. Wanneer God jou reinig deur swaarkry, vervolging en beproewing wat oor jou kom – is Hy net besig om jou geloof sterker te maak. Hy is ook besig om die onsuiwerhede uit jou lewe te verwyder, totdat Hy Sy gesig in jou lewe kan sien.

Toetse, moeilikhede en beproewing hou ons nie van nie.
Gelukkig sal ons nooit bó ons kragte beproef word nie.
Mag jy en ek soos suiwer goud te voorskyn kom!

## Geregtigheid

**Johannes 16:7,8** *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan…en as Hy (Die Heilige Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel…"*

Die Gees van God sal oortuig van sonde, maar die Gees oortuig ons ook wanneer ons reg doen – dit is geregtigheid – dit is wanneer ons in die regte verhouding met God is. Paulus sê in Ef. 6:14 dat ons "*die borswapen van geregtigheid moet aanhê"* – dan bedoel hy ons moet voor God kan staan sonder enige blaam. Geregtigheid is in Engels: "Righteousness – in right standing with God." Jy sien, jou verhouding met God sal jou totale beskerming bied teen enige pyle wat die duiwel op jou sal afskiet.

Die Merriam-Webster woordeboek beskryf Geregtigheid as *'n toestand waarin mens vry is van enige skuld of sonde.* Joyce Meyers het 'n kort maar kragtige manier om Geregtigheid te verduidelik: *"Geregtigheid is asof jy nog nooit gesondig het nie."* Ek stem saam met haar, want ons lees in 2 Kor. 5:21 (Die Lewende Bybel) *"Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Lees 1 Joh. 3:8,9 korrek. Dit meen nie dat jy nie kan sondig nie. Maar uit gewoonte wil jy nie sondig nie. Al doen jy nie alles reg nie, weet jy dat die gesindheid van jou hart reg is. Want elkeen wat uit God gebore is wil nie sonde doen nie, al kan hy.

Vir dié wat in die regte verhouding met God leef, sê die Bybel:
*"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige,*
*maar uit dié almal red die Here hom." (Ps. 34:20)*

## Wat is in jou hart?

**Matthéüs 12:35** *"Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn."*

In Matt. 12:34 het Jesus gesê: *"…uit die oorvloed van die hart praat die mond."* Praat met iemand indien jy wil weet wat in sy of haar hart is. Praat oor geestelike dinge en jy sal gou agterkom of die persoon met wie jy praat ook daaroor kan praat. Baie kan nie oor geestelike dinge praat nie want dit is nie in hulle harte nie. Ek het dit al gesien in gesprekke waar 'n paar gelowiges gepraat het oor God se Woord. Maar dan kom een met 'n uitlating wat skokkend is en glad nie pas by die gesprek nie. Só weet almal wat in daardie persoon se hart is.

Die mond is die kraan wat sal uitlaat wat in jou is, sodra jy dit oopmaak. Net wat binne is sal uitkom wanneer jy jou mond sou oopmaak. Geen wonder jy skrik soms self van die dinge wat uit jou mond kom nie. Die Boodskap vertaal ons teks met dié woorde: *"As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy van 'binne' skoon is."*

Vul jou hart met dit wat saak maak, en bewaar jou mond.
Besluit om 'n seën te wees vir ander mense wat jy ontmoet.
Maak altyd seker of jou gesindheid reg is en jy 'binne' skoon is.

# Is God tevrede met jou?

**Prediker 2:26** *"Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is."*

**Die Boodskap:** *"As God van iemand hou, gee Hy hom wysheid en kennis en geluk. Al die ander moet hard werk en hulle geld spaar sodat dit weer aan daardie mense van wie God hou, gegee kan word…"*

Ek het grootgeword, met die idee dat die Here se kinders moet swaarkry, sodat hulle kan uitsien na die hemel waar ons op goue strate sal loop. Met ons uitreikings na Ukraine het ons gevind dat baie van die Russiese gelowiges dit ook geglo het. Van hulle het selfs geglo 'n pastoor kan nie suksesvol wees as hy nie tenminste 'n paar jaar in die tronk was terwille van die Evangelie nie.

Ek kan nie dink dat Christene teen voorspoed is nie. Natuurlik moet ons nie net geld en rykdom najaag nie – dit verstaan ek. Maar uit ons Skrifgedeelte verstaan ek dat die wat God nie tevrede stel nie bymekaar sal maak en dat dit dan gegee sal word aan God se kinders, wat Hom tevrede stel. Ons lees ook in Spreuke 13:22 *"…die vermoë van die sondaars word vir die regverdige weggebêre."* Lees gerus ook wat geskrywe staan in Spreuke 28:8.

Voorspoed is meer as geld. Dit sluit ook ons gesondheid en geestelike krag in.
Ek wil glo dat ons teks waar sal word in hierdie moeilike tyd.
Ondersoek jouself of jy God tevrede stel, volgens 2 Kor. 13:5.

## God hoor ons jammerklagte

**Exodus 3:7,9** *"En die Here sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte…die jammerklagte van die kinders van Israel het tot My gekom…"*

Die woord "jammerklagte" beteken "'n klaende uiting van droefheid" wat hier diep uit iemand se binneste kom. Soos wat ons lees in Psalm 130:1 *"Uit die dieptes roep ek U aan, o Here."* Miskien is jy nou op daardie plek?

Ons land is verseker daar! En as God Israel in Egipte se jammerklagte gehoor het, sal Hy verseker ons ook hoor. Oral verneem ek in ons dorp hoe mense daagliks roep na God. In dele word daar op 'n spesifieke tyd musiek gespeel en dan roep bure ernstig na die Here vir uitkoms uit hierdie nagmerrie tyd waarin ons onsself bevind. Ons volk sal vry kom van hierdie bose aanslag op die mense – en ons gaan mekaar se hande vat om geestelik een te wees tot eer van Sy Naam!

Moenie moedeloos word nie want God is 'n hoorder en antwoorder van gebed, en wat Hy vir Israel gedoen het, om hulle te verlos uit Egipte, sal Hy vir ons ook doen. Sy hand is beslis nie kort om te help nie.

Dit is gesê: *"Tough times don't last, tough people do."*
As jy ooit moes vasstaan op God se beloftes, is dit nou.
Reik uit na ander wat saam met jou kan bid en glo!

## Ons tiendes sal reën bring

**Maleagi 3:10** *"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die venters van die hemel sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik."*

Damme word leeg en die droogte bly maar kort-kort 'n geweldige probleem. Ons kan 'n verskil hieraan maak indien ons bereid is om ons tiende na Hom te bring. Dit is treffend dat dit die enigste plek in die Bybel is waar God sê dat ons Hom mag toets. En dit is wanneer ons die tiendes sou gee.

Ek wil God dank daar is baie seëninge gekoppel aan die gee van tiendes. Volgens ons Skrifgedeelte belowe God dat indien ons *"die volle tiende"* bring *"sodat daar iets te ete in Sy huis sal wees"* dan sal Hy die *"hemel oopmaak en reën uitgiet, meer as wat julle kan gebruik."* Hoe kan ons twyfel, terwyl dit so duidelik gestel word?

Kom jy en ek maak 'n besluit, om selfs in hierdie moeilike tye waarin ons leef, 'n verskil te maak deur toe te sien dat ons land weer genoeg water sal hê om te voorsien in die behoeftes van almal. Doen wat geskrywe staan ins ons teks.

Hierdie Dagstukkie is nie om jou te probeer oortuig nie.
Tiende is 'n waarheid wat jy aanvaar of verwerp.
Aanvaar dit en jy sal sien dat Sy beloftes sal waar word!

## Hoe praat God met ons?

**Johannes 10:14,27:** *"Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur My eie geken…My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."*

As gelowiges is dit ons voorreg dat God met ons praat. Die Here praat met ons deur Sy woord (die Bybel) en deur Sy Gees. In ons Skrifgedeelte leer Jesus dat Hy ons goeie herder is en ons is Sy skape. Hy sê Sy skape luister na Sy stem en hulle volg hom. As ons wil seker maak dat ons net na Sy stem sal luister, moet ons kennis neem wat Hy gesê het – en dit staan reeds geskrywe in jou Bybel. Die belangrikste boek wat ons moet lees, is die Bybel, wat vir ons geword het die Woord van God.

God praat ook deur Sy Gees tot ons. Daar staan in Rom. 8:14: *"Want almal wat deur die Gees gelei word, dié is kinders van God."* Jy kan iemand lei aan sy hand of deur vir hom te sê wat hy moet doen. Dit is ook hoe die Here met ons werk. Jy gewaar dat Hy jou hand vat en dat Hy met jou praat uit Sy woord. Dit gee jou sekerheid dat dit die regte pad is wat jy loop en die regte ding wat jy moet doen. Natuurlik praat God selfs met ons deur die natuur – en jy kan nog hierby voeg.

Doen niks as jy nie volkome vrede in jou hart het nie.
Kol. 3:15 sê ons moet toelaat dat God se vrede in ons heers.
Om te heers meen dat Sy vrede jou totaal wil beheer.

## As God verskyn…

**Psalm 68:1** *"As God verskyn, spat sy vyande uitmekaar…"*

Wonderlik! Hier staan net as God "verskyn" – Hy hoef nie te veg nie, net opdaag. Dan spat Sy vyande uitmekaar.
Geen wonder dat God ook hierdie belofte aan ons gegee het in Deut. 28:7 *"Die Here sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uitvlug."* Dit wys net hoe deurmekaar die vyand sal wees. God sal nie eers teen jou vyand veg nie, Hy sal net opdaag.

Ons moet leer om die waarheid te glo en nie net dit wat ons sien en ons hoor nie. Natuurlik is daar 'n werklikheid – maar dank God, daar is ook die waarheid. Dit kan 'n werklikheid wees dat jy tans 'n tekort aan finansies ervaar of dat siekte jou liggaam aanval – maar die waarheid is dat God in al jou behoeftes sal voorsien en dat Hy jou geneesheer is.

Daar is 'n lied wat geskryf is: *"Let God arise, and His enemies be scattered."* Miskien ken jy hierdie lied? Dink ook terug aan die tye wat God "opgedaag" het en vir jou op 'n wonderlike manier uitkoms gegee het. Sien hierdie gedagte van "opdaag" nie in die lig dat God iewers op 'n ander plek was nie, maar dat Hy vir jou deurgekom het.

*"O Here, daag asb. op in Suid Afrika!!!*
*Ons kyk op na U, want in U is ons krag – en ons vertrou op U!"*

## Dank God vir Pinksterdag

**Johannes 16:7** *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur…"*

Hierdie was die woorde wat Jesus gesê het net voordat Hy weer opgevaar het na Sy Vader in die hemel, want daar was droefheid by Sy dissipels toe hulle hoor dat Jesus sou weggaan. Hulle bekommernis was: Wat sou dan met hulle gebeur?

Die Jode het drie groot feeste gehad wat vir hulle belangrik was. Dit was Paasfees, Pinksterfees en Huttefees. Vir ons as God se kinders is Paasfees seker een van die belangrikste datums omdat ons die dood en opstanding van Jesus Christus herdenk. Dit is waar Jesus die finale prys betaal het vir ons sondes en ons siektes.

Pinksterdag is vir ons net so belangrik omdat Christus die Heilige Gees uitgestort het en die volgende belofte in Hand. 1:8 gemaak het: *"…julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle sal kom, en julle sal My getuies wees…"* Die woord "krag" wat hier gebruik word kom van "dunamis" wat beteken "inwonende krag" wat die Heilige Gees ons gee. Neem kennis: Sy Heilige Gees krag bly in jou! Op Pinksterdag het God Sy kerk begin toe drieduisend siele gered is. (Hand. 2:41)

Sondag wat kom word genoem Pinkster-Sondag.
Kom ons vier fees – terwyl ons God dank vir die Heilige Gees.
Sy Gees wil in ons woon en ons lei in Sy waarheid. (Joh. 16:13)

## Niks moet ons skei van Sy liefde

**Romeine 8:35** *"Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?"*

God sê nie dat daar nooit moeilikheid oor Sy kinders sal kom nie, maar Hy belowe om met ons te wees wanneer moeilikheid kom. Een ding moet ons aan vashou en dit is dat niks en niemand ons sal kan skei van die liefde van die Here nie.

Paulus gee 'n lys van dinge wat mense moontlik kan skei van Christus se liefde, en moedig ons aan dat ons hierdie dinge nie moet toelaat om skeiding tussen ons die Here te bring nie. Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Wat kan ons nou nog skei van Christus se liefde vir ons? Swaarkry, probleme, vervolging, hongerpyne, 'n tekort aan klere, gevare, of dalk geweld?"* Kom ons antwoord op elkeen vir onsself.

Vir enige Christen wat mismoedig is sal hierdie gedeelte in die Bybel sekerheid gee van Christus se liefde. Daar is voorwaar niks wat ons hoef te skei van Sy liefde nie. Indien jy voel die druk word teveel moet jy dieper skuiling soek by Hom wat belowe het om jou nooit te begewe of te verlaat nie. Neem weereens 'n vaste besluit vandag dat, deur Sy genade, sal niks jou skei van Sy wonderlike liefde nie.

Sê soos Paulus in 2 Kor. 4:8,9

*"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit moedeloos nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nie radeloos nie…Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke dag weer op." (Die Boodskap)*

## Grootmens of kind?

**Hebreërs 5:13,14** *"Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei." (1983- 24/7 Vertaling)*

Jy en ek weet of ons 'n geestelike volwasse persoon is, of ons 'n geestelike kind is. Ons weet dit in die tipe geestelike kos wat ons eet. "Melk" verwys na kos wat babas sal eet – "Vaste kos" verwys na kos wat grootmense eet. Hoe sterk is jou drang om jouself daagliks te voed met God se woord – deur tyd te neem om jou Bybel met aandag te lees? Lees jou Bybel totdat dit met jou praat hier diep in jou gees.

Natuurlik begin ons almal in ons nuwe lewe in Christus om gevoed te word soos wat geskrywe staan in 1 Pet. 2:2,3: *"…en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei, as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is."*

Gal. 5:22 sê die volgende van 'n "Geestelike grootmens" – *"Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal vriendelikheid en warmte uit…Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Ander kan altyd op hulle reken…" (Die Boodskap)*

Besluit om 'n "geestelike grootmens" te wees.
Sorg dat jy "vaste kos" eet – en pasop vir die negatiewe WhatsApp's.
Stuur net boodskappe aan wat ander bemoedig en opbou.

## God sien ons ook as priesters

**Hebreërs 5:1** *"Want elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, tree ten behoewe van mense op in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes en offers vir die sondes te bring as een wat saamvoel…omdat hy (die hoëpriester) self ook met swakheid bevange is."*

Elke hoëpriester in Israel moes optree ten behoewe van mense. Dit moes ook wees tot eer van God. Die hoëpriester moes iemand wees wat kon saamvoel en geduldig wees met die wat verkeerd gedoen het en wat op 'n dwaalweg was. Hy was self ook 'n mens met menslike swakhede. Daarom moes hy ook vir sy eie sondes kon offer. (Lees die vertaling in Die Lewende Bybel)

Wat het hierdie met ons te doen, want ons is mos nie hoëpriesters nie? Kom ons lees wat geskryf is in 1 Petrus 2:9: *"Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig…"*

Kan jy sien? God sien ons as "koninklike priesters" wat in Sy diens staan. Ons opdrag is om ten behoewe van mense op te tree. Ons moet kan saamvoel en baie geduld toepas teenoor hulle wat verkeerd doen en nie alle geestelike dinge verstaan nie.

As God se "priesters" tree ons op ten behoewe van mense. Maar ons moet ook besef dat ons menslike swakhede het. Soos Jesaja, die profeet, kan ons dit bely voor God. (Jes. 6:5-7)

# My gebed vir jou

**Kolossense 1:9-14** "Ons vra God dat Hy julle al die wysheid en begrip sal gee wat van die Heilige Gees kom sodat julle baie duidelik sal weet wat Hy wil hê julle moet doen. Ons bid ook dat julle so sal lewe dat dit die Here sal tevrede stel en dat alles wat julle doen vir Hom vreugde sal gee. Dan sal julle lewe nuttig wees. Julle sal baie kan doen wat goed is en julle sal God al beter leer ken. Ons bid ook dat Hy deur Sy Goddelike mag vir julle elke keer die krag sal gee om te kan verdra en geduldig te wees en om dit met blydskap te kan doen terwyl julle vir die Vader dankie sê. Hy het vir almal wat aan Hom behoort 'n erfenis klaargemaak in Sy nuwe ryk waar Sy lig alleen heers. Nou sê Hy julle is ook geskik om in daardie erfenis te deel. Hy het ons gered uit die donkerheid, uit die mag van die Satan, en ons gebring onder die beheer van Sy Seun wat Hy lief het. Dit is die Seun van God wat die prys betaal het om ons los te koop. Daarom vergewe God nou ons sonde." (Die Lewende Bybel)

**Vandag is dit my gebed vir jou!**

Dat jy wysheid ontvang – om te weet wat jy moet doen.
Dat jy die Here tevrede sal stel en vir Hom vreugde sal bring.
Dat jy sal doen wat goed is terwyl jy God beter sal leer ken.
Dat jy krag sal hê om te verdra en geduldig te kan wees.
Dat wat jy doen jy met blydskap en dankbaarheid doen.
Dat jy altyd sal weet dat jy erfgenaam is en nie 'n bedelaar nie.
Dat jy gered is uit donkerheid en oorgebring is in God se Ryk.
Bó alles – dat jy vergewe is van al jou sondes.

**Aanvaar hierdie gebed en dank God daarvoor!**

**Jou arbeid vir God is nie tevergeefs nie**

**1 Korinthiërs 15:58** *"Daarom…wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."*

Ons moet standvastig, onbeweeglik en altyd oorvloedig wees in wat ons vir die Here doen. Moenie een oomblik dink God het nie gesien wat jy gedoen het vir Hom en Sy koninkryk nie. Vergeet nie Heb. 12:1,2 nie: *"…laat ons met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof…"*

Daar kom baie dae dat my vrou en ek die Here dank vir mense in die gemeentes waar ons was, wat goeie dinge aan ons gedoen het. Veral in klein gemeentes waar ons met min moes klaarkom, was hulle daar om vir ons te voorsien. Ons dink aan vleis van die plaas af, die beste vrugte en groente uit mense se tuine. Praat nie eers van kontant wat net op die regte tyd gekom het nie. Ons weet die Here vergeet nie wat hulle vir ons gedoen het nie. Selfs hulle nageslag sal geseën word deur God.

Daar kom dae dat jy wil moeg word om goed te doen.
Maar staal jouself daarteen en gee altyd die beste wat jy het.
Gal. 6:9 sê: *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie"*

**Jou probleme is reuse wat verslaan kan word**

**2 Samuel 21:15-17** Die Lewende Bybel: *"Eenkeer was daar gevegte met die Filistyne waarin Dawid en sy manne teen hulle opgetrek het. Maar toe Dawid moeg word, het hulle in Gob kamp opgeslaan. Aan die Filistynse kant was daar 'n reus, een van die Refaïte. Hy was gewapen met 'n nuwe swaard en 'n spies waarvan die koperpunt meer as drie kilogram geweeg het. Hy storm toe op Dawid af om hom dood te maak, maar Abisai die seun van Seruja het die Filistyn aangeval en hom doodgemaak..."*

Ons almal ken die verhaal hoe Dawid vir Goliat verslaan het met een klippie. Ons weet ook dat Dawid vyf klippe opgetel het. Was die ander vier bedoel vir die broers van Goliat? In ons Skrifgedeelte lees ons dat daar weer oorlog was met vier reuse en dat Dawid betrokke was. Weet dit dat geestelike oorloë nooit op aarde ophou nie.

Gelukkig het God aan ons wapens gegee om staande te bly en te oorwin. (Ef. 6.) Een van hierdie wapens is God se woord. Gebruik die Skrif, om te oorwin, soos wat Jesus dit teen die duiwel gebruik het in Matt. 4 met Sy versoeking.

Soos wat hierdie reuse name gehad het, het ons "geestelike reuse" ook name. Jy sal alleenlik jou probleme (jou reuse) oorwin as jy hulle kan identifiseer. Dit is dan dat jy jou probleem wat 'n naam het kan plaas onder jou voete om daaroor te regeer. Volgens Ef. 1:21-23 is Jesus die hoof en ons is Sy liggaam, wat voete het.

Dawid se maats het hom gehelp om dié reuse te verslaan.
Net so het ons geestelike maats nodig om ons te help.
Veg nooit alleen nie – vra ander wat glo om jou by te staan.

## Om geestelik blind te wees

**Johannes 9:39** *"En Jesus sê: Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word."*

Hierdie treffende uitspraak het Jesus gemaak nadat Hy 'n blinde man genees het. Die Fariseërs wou die genesing nie aanvaar nie omdat dit op die Sabbat plaasgevind het. Hulle het die man wat genees was twee keer gevra hoe hy genees is. Daarna het hulle sy ouers gevra om te vertel wat gebeur het, en omdat hulle bang was om uit die sinagoge geban te word, het hulle vir die Fariseërs gesê dat hulle seun oud genoeg was om self te antwoord hoe hy genees is. Mense wat "geestelik blind" is sal aanhou vrae vra, terwyl hulle nie die waarheid wil aanvaar nie.

Die geneesde man se antwoord in vers 30,31 is so treffend: *"Hierin is tog iets wonderliks dat julle nie weet van waar Hy is nie, en Hy het my oë geopen! En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en Sy wil doen, dié verhoor Hy."* Wat 'n wonderlike verklaring wat hy gemaak het!

Dank God as jy geestelik kan sien! Daar is hulle wat nie geestelik kan sien nie. Vir dié persoon sê die Here in Open. 3:18: *"Ek raai jou aan om van My te koop…salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."*

Wees dankbaar indien jy geestelik kan sien en verstaan.
Bid vir jou geliefdes wie se geestelike oë nog moet oopgaan.
Veroordeel hulle nie – maar betoon groot liefde teenoor hulle.

## Wat maak ons baie gelukkig?

**Psalm 32:1,2** Die Boodskap: *"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe. Jy is gelukkig as Hy nie meer aan jou slegte dade dink nie. Jy is baie gelukkig as jy nie skelm is of ander mense probeer te kort doen met geld nie."*

Enige bewustheid van sonde vernietig jou geloof. Dit maak van jou 'n bedelaar en dit maak jou minderwaardig voel. Sonde bewustheid maak van jou iemand wat gedurig hoop dat ander vir jou sal bid – veral dié wat 'n verhouding met God het – omdat jy dit nie het nie.

Jy sal baie gelukkig wees as jy leef volgens Rom. 8:1, naamlik: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie…"* en ook as jy kan verklaar: *"Hy het my verlos uit die mag van die duisternis en my oorgebring in Sy koninkryk."* (Kol. 1:13) Verder as jy kan getuig dat jy 'n nuwe skepsel is in Christus en dat al die ou dinge verbygegaan het. (2 Kor. 5:17) Dat jy vergewe is en gereinig is deur die bloed van Jesus Christus. (1 Joh. 1:7,9) Hierdie dinge sal ware geluk bring.

Aanvaar jou vergifnis en vergewe jouself van harte.
Jy is gelukkig as jy nie meer dink aan jou slegte dade nie.
Noem jouself wat God jou noem soos wat ons lees in Efes. 1.
Geseënd – Verlos – Gesalf!

# Die Woord van God

**Psalm 19:8,9** *"Die woord van die lewe is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig."*

AA van Ruler, 'n Nederlandse teoloog, het die volgende gesê van Psalm 19. *"Ek hoor die donderweer, en God se Naam 'Ontsagwekkend'. Ek hoor die sagte reën wat alles laat groei, en God se Naam is 'Sorgsaam'. Ek sien die sterre en dink aan die onbegryplike afstand na selfs die naaste ster, en God se Naam is 'Oneindig'. Elke stukkie van die Here se skepping vertel ons iets van hoe Hy is, en van wie Hy is. Dit is wat Dawid in die eerste deel van Psalm 19 vir ons sê. Die skepping besing die lof van God. Verder besing Dawid die Woord van God, wat vir hom so kosbaar is" (Die 24/7 Bybel)*

In ons Skrif sê Dawid dat God se Woord volmaak is. Ook dat dit vir ons onderrig want dit is betroubaar. Dit is ook bevele sodat ons op die regte pad kan bly. Dawid verklaar dat dit helder is en ons insig gee. Geen wonder dat ons lees in 1 Joh. 5:3 *"…en Sy gebooie is nie swaar nie."* In die tyd waarin ons leef met die Covit19 wat vrees oor die mensdom gebring het, kan jy en ek God bly dank vir die uitstaande beloftes wat Hy aan ons gegee het in Psalm 91 – glo dit en leef dit!

Lees jou Bybel totdat dit 'n "oop boek" vir jou word.
Dit sal lewe gee, jou onderrig, jou beskerm en jou pad verlig.
Dank God opnuut vir elke belofte in God se kosbare Woord!

# Wees verbind aan die Here

**Johannes 15:4** *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."*

Iemand het dit soos volg gesê: *"God without man, is always God, but man without God is nothing."* Net jou verbintenis aan die Here sal van jou iets maak. Jy sien, toe God visse gemaak het, het Hy gepraat met die see. Toe Hy bome gemaak, het Hy gepraat met die aarde. Toe Hy die mens gemaak het Hy met Homself gepraat: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers…"* (Gen. 1:26)

As jy 'n boom uithaal uit die grond, en nie weer in die grond plant nie, sal dit doodgaan. As jy 'n vis uit die water haal en nie weer terug plaas in die water nie, sal dit doodgaan. As die mens se verbintenis met God verbreek word, sal daardie mens doodgaan. As mens is ons geskep om te kan leef "in Hom" en nie "buite Hom" nie. Net deur Hom vind ons lewe en oorvloed.

Is jy nog sterk verbind aan die Here?
Net jy alleen kan dit eerlik beantwoord.
Ons lewe sal ander vertel of ons aan die Here verbind is.

## Hoe sien jy jouself?

**Spreuke 27:19** "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink."

Ons teks is ook treffend in Die Lewende Bybel: "Net soos 'n mens die weerkaatsing van jou eie gesig in water kan sien, wys 'n mens se gedagtes wie hy werklik is." Jy sien jouself in jou gedagtes. Al kan ander dit nie sien nie, sien jy daagliks jouself.

Sien jy jouself as 'n gesalfde van die Here, wat die volle wapenrusting van God aan het, of sien jy jou as 'n swakkeling wat die duiwel sommer in 'n japtrap kan oorwin? Die antwoord hang van jou af. Tien van die twaalf manne wat Moses gestuur het om Kanaän te bespied het gesê dat hulle voel soos sprinkane in hulle oë, en ook in die vyand se oë. (Num. 13:33) Die persepsie wat hulle van hulself gehad het, het hulle totale verloorders gemaak. As jy soos 'n sprinkaan voel in jou eie oë, is dit erg, maar as jy dink dat jy dit ook is in ander se oë, dan is dit baie sleg.

Sien jouself soos God jou sien. Hy sien jou as 'n nuwe skepsel en dat al die ou dinge verbygegaan het. (2 Kor. 6:17) God sien jou as iemand wat meer as oorwinnaar is. Hy sien jou as iemand wat Hy duur gekoop het met Jesus se bloed en dat jy waarlik vrygemaak is. (Joh, 8:36)

Jou duiwel sal jou vermy as jy vol moed is, hyself is 'n lafaard. Word vol van God se Woord en Sy Gees, sodat jy 'n geestelike reus sal wees.
Dit is hoog tyd dat jy die duiwel laat voel soos 'n sprinkaan.

**Is jy 'n blymoedige mens?**

**Spreuke 15:15** *"Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se lewe is 'n fees."*

Wanneer die Bybel ons aanmoedig om blymoedig te wees is dit God se manier om ons te beskerm teen die hardheid van hierdie lewe. Om blymoedig te wees is om opgeruimd en vrolik te wees.

Die Boodskap vertaal ons teks met: *"As iemand altyd swartgallig is, is die lewe hel. Vir 'n blymoedige gelowige is die lewe een groot fees."* Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"'n Neerslagtige soort mens kry elke dag swaar, maar vir 'n mens met 'n opgeruimde geaardheid is die lewe 'n fees."* Ek wil glo dat ek vandag gesels met iemand wat nie 'n bedrukte mens wil wees nie maar 'n blymoedige mens?

Selfs wat gee betref sê die Bybel in 2 Kor. 9:7: *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."* Ons kan nooit aanvaar dat 'n mens moet gee totdat hy "seer kry" nie. Elke keer as jy gee sorg dat jy gelukkig voel om dit te doen. 2 Kor. 9:7 in 'The Amplified Bible': *"…God loves a cheerful (joyous, 'prompt to do it') giver [whose heart is in his giving]"*

Onthou: Die blydskap in die Here is jou beskutting. (Neh. 811)
Wees altyddeur bly en <u>in alles</u> (nie vir nie) dankbaar.
(2 Thes. 5:16,18)
Dank God, Sy genade is vir ons genoeg!

## Wees versigtig wat jy dink

**Spreuke 4:23** Die Boodskap: *"Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed."*

Joyce Meyer sê: *"Where the mind goed, the man goes."* Dit is 'n groot waarheid. Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"Daar is baie dinge waarvoor jy moet oplet, maar die belangrikste is dat jy jou gedagtes teen die sonde moet bewaak, want 'n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."* Het jy mooi gehoor? Ons hele lewe word beheer deur ons gedagtes.

Daarom sê Paulus in Fil. 4:8 dat ons moet bedink wat waar is, wat eerbaar is, wat regverdig is, wat rein is, wat lieflik is en alles wat loflik is. Vir hierdie rede het ons 'n bordjie aan die ingang van ons huis gesit met die volgende woorde: *"Lieflik en Loflik woon hier."* Ons laat nie gesprekke toe wat hierdie leuse skade sal doen nie.

Jou grootste vyand is nie die duiwel nie. Ook nie iemand met wie jy nie oor die weg kan kom nie. Jou grootste vyand is daardie gedagtes wat jou lewe ingrypend kan skade doen. Daarom moet jy versigtig wees wat jy dink – want al weet ander nie in wat jou gedagtes plaasvind nie – sal die verkeerde dinge wat jy dink jou baie skade doen. Aan die anderkant sal die regte en mooi dinge wat jy dink jou lewe 'n seën maak vir jouself en ook vir ander.

"Here, help my om my gedagtes gedurig te beskerm.
Laat U Heilige Gees dit wat ek dink beoordeel.
Gee my 'n honger na U Woord om dit in my hart te bêre."

## Die waarde van 'n verbond

**1 Samuel 18:3** *"Toe sluit Jónatan met Dawid 'n verbond, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie siel.*

Ek wil jou kortliks 'n verhaal vertel van 'n jongman, Mefiboset, wat Jonatan se seun was. Toe hy vyf jaar oud was, het sy oppasser hom opgetel en gevlug, nadat sy die boodskap ontvang het dat Jonatan in die oorlog gesterf het. In haar haastigheid het sy met hom laat val. Mefiboset het in albei sy bene lam geword.

Toe Dawid koning geword het wou hy aan Saul se nageslag eer bewys het. Een van sy dienaars het hom vertel van Mefiboset, die seun van Jonatan, wat lam was. (2 Sam. 9:1-13) Die rede dat Dawid aan Mefiboset goed gedoen het, was omdat daar 'n verbond was tussen hom en Jonatan. (Lees dit in 1 Sam. 18) 'n Verbond was gemaak tussen mense sodat hulle altyd mekaar asook hul nageslag sal beskerm en bystaan in die moeilikste tye. Mefiboset se lamheid het niks verander aan die verbond wat daar was tussen Jonatan en Dawid nie.

Moontlik voel jy vandag dat jy geestelik verlam is? Dit verander niks aan jou verbond met God nie! God het 'n verbond met ons aangegaan deur Jesus Christus en vir ons sê Hy vandag: *"...wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan."* (Sag. 2:8)

God se verbond met jou sluit Jou genesing in. (1 Pet. 2:24)
Dit sluit die volheid van Sy Gees in. (Luk. 11:13; Hand. 2:39)
Moenie dat jou verkeerde verlede jou toekoms bepaal nie.

## Kan 'n mens genade sien?

**Handelinge 11:23** *"Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly..."*

Die apostels in Jerusalem het Bárnabas na Antiochië gestuur om die nuwe gelowiges daar te gaan bemoedig om getrou die Here te dien. Die betekenis van Bárnabas se naam is bemoediger – hulle het dus die regte persoon gestuur.
Ons teks word meer duideliker gestel in Die Lewende Bybel: *"Toe hy (Bárnabas) daar aankom en sien wat God alles deur Sy genade gedoen het, was hy baie bly..."*

Treffend: Toe Bárnabas in Antiochië gekom het, was die eerste ding wat hy daar kon sien God se genade. Kan 'n mens dan genade sien? Natuurlik kan jy dit sien. Dit is iets wat ons verseker meer wil sien in ons land. As ons luister na die nuus (of dit lees) is dit alles behalwe genade. Dit is verkragting, moord, roof en bedrog – amper teveel om op te noem. Vir hierdie rede is ons as gelowiges in die wêreld om 'n verskil te maak. Ons moet lig en lewe indra oral waar ons gaan. Wanneer mense na ons kyk (en na ons luister) moet hulle God se genade sien en dit begeer.

As jy wil sien hoe werk God se genade in ander se lewe, dan moet jy woorde van bemoediging en stigting spreek – nie negatiewe woorde nie. Al is die betekenis van jou naam nie "bemoediger" soos dié van Barnabas nie, kan jy ook deur die Here gebruik word om Sy genade te versprei.

Hoe sal ons ooit die volheid van God se genade kan bepaal? Dink maar aan al die genade wat jy en jou gesin ontvang het. Waarlik ons dien 'n God wat vol is van genade en ontferming.

# Moenie uitsak nie

**1 Korinthiërs 9:27** *"Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie."*

<u>Die Boodskap:</u> *"Ek doen wat nodig is, al vra dit wat ook al van my. Dan vertel ek nie vir ander wat om te doen, maar sak self in die wedloop van die lewe uit nie."*

Ons hoor dikwels oor die nuus hoe sekere kerk-leiers in sonde geval het; politici wat bedrog gepleeg het en "geestelike" sangers wat die pad byster geraak het. Hierdie berigte skok ons gewoonlik. Om te dink dat net een verkeerde daad kan van 'n pa of oupa 'n verwerplike persoon maak.

Paulus het op 'n plek gekom in sy lewe waar hy introspeksie gedoen het en die lewe vergelyk het met 'n atleet wat alles moet insit om te wen. Net daar het hy besluit dat terwyl hy vir ander gepreek het en aan hulle die weg van die lewe gewys het, hyself sy beste wil gee om nie sy geestelike resies te verloor nie. Almal van ons ondervind uitdagings wat oor ons kom – maar kom ons besluit dat ons nie sal "uitsak" in ons geestelike resies nie – maar dat ons sal volhard tot die einde toe.

Die lewe bestaan uit besluite.
Die beste besluit wat jy kan neem is om nie uit te sak nie.
Gee elke dag die beste wat jy het en los die res vir die Here!

**Wat 'n mens saai sal jy maai**

**Galásiërs 6:7** *"...net wat 'n mens saai, dit sal hy ook maai."*

Ek beskou myself as 'n gewer, en is van mening dat ek baie weet van saai en maai. Tog vind ek dat daar elke keer nog meer is om te leer. Dit wys hoe vol is die Here se Woord van hierdie asook ander waarhede. Jy kan nooit alles weet nie – bly dus 'n student. Die Bybel is vol van "Saai en Maai".
Ek deel Gal. 6:7 om weereens hierdie groot waarheid onder jou aandag te bring.

Jou "saad" is enige iets wat jy van God ontvang het en wat jy vir iemand anders kan gee, óf met iemand kan deel. Jou "saad" kan ook wees: Jou gedagtes, tyd en geld. Iets wat jy reeds het mag die sleutel wees wat 'n deur vir jou toekoms kan oopsluit. As jy vashou aan dit wat jy het mag dit al wees wat jy sal besit. As jy kan leer om te saai sal dit jou help om bevry te raak van enige gierigheid. Vergroot die grootte van jou saad, sodat die grootte van jou oes kan vermeerder. Laat los wat in jou hand is en God sal laat los wat Hy in Sy hand het vir jou. Wanneer God met jou praat oor saad wat jy moet saai, het Hy reeds 'n oes in Sy gedagte vir jou.

Hoor wat staan geskrywe in Galásiërs 6:9.

*"Laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai (sal ons ontvang) as ons nie verslap nie."*

## Ons is almal op pad

**Psalm 121:8** *"Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid."*

Hierdie Psalm het Israel gelees wanneer hulle op reis gegaan het. Daarin het hulle troos gevind dat die Here met hulle gaan, op hulle pad. Jy en ek is elke dag "op pad" en sonder die Here se beskerming sal ons nie veilig wees nie. In hierdie moeilike tyd moet ons kyk na onsself terwyl ons ten volle vertrou op die beloftes in Psalm 91.

Ongelukkig is dit so dat vir sommige het die pad te veel geword. Miskien is jy daar waar Elia was? Dit was toe hy gevlug het vir Isébel, nadat hy oorwin het op Karmel.
In 1 Kon. 19:7 lees ons: *"Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel."* Die engel van die Here het toe vir Elia warm brood en water gegee, sodat hy vir veertig dae deur die woestyn kon loop tot by Horeb. Weet dit: God wil jou ook help op jou pad.

Vir ander het die pad te nou geword. Dan is daar hulle wat hulself bevind op 'n ompad. Dit het Israel in die woestyn ondervind. Waar dit hulle agt dae sou neem om hul beloofde land te bereik, het dit hulle veertig jaar geneem. Jy sien, dit het God veertig jaar geneem om "Egipte" uit Israel te kon kry. Tydens die "ompad" wat jy loop is die Here besig om sekere verkeerde dinge ook uit jou lewe te verwyder.

Is die pad vir jou teveel – of moontlik te nou?
Glo vandag dat die Here jou uitgang en jou ingang sal bewaar.
Maak seker dat God met jou is op die pad wat jy tans loop.

# Minder van my en meer van Jesus

**Johannes 12:25** *"Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."* (1953 vertaling)
*"Wie sy lewe bo my liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo my liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou."* (1983 vertaling)

Die woorde "haat" en "liefhet" wat soms in die Bybel gebruik word, moet ons nie verkeerd verstaan nie. Dink selfs aan Rom. 9:13 waar geskrywe staan: *"Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat."* Die werklike betekenis hier is om lief te hê en minder lief te hê. Dieselfde vind ons in Joh. 12:25.

Ek dink die 1983 vertaling hierbó is duideliker. Alles kom hierop neer dat jy jouself minder moet liefhê as vir God. Haat nie jouself nie, maar moet nie teveel van jouself dink en meen jy is nommer een nie. God moet altyd nommer een wees in jou lewe. Wat ons ookal doen moet wees dat God groot gemaak word. Daarom hou ek van die sport manne en vroue wat God eer nadat hulle presteer het.

Wat ons is, is net God se genade. Jesus het gesê in Joh. 15:7 *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*

Onthou: Minder van my en meer van Jesus.
Johannes die Doper het uitgeroep in Joh. 3:30: *"Hy (Jesus) moet meer word, maar ek minder."*

## Hoe lank nog, Here?

**Psalm 13:2,3** *"Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers?*

Praat ek vandag met iemand wat ook uitroep *"Hoe lank nog, Here?"* soos wat Dawid gebid het, toe hy hierdie Psalm geskryf het? Soos hy, vra jy die een vraag na die ander – omdat alles net verkeerd loop? Ons dink aan die toestand in ons land rakende die virus. Daarby word jy ook oorweldig deur druk van buite jouself. Neem kennis dat jy nie alleen is nie. Almal op aarde kom op hierdie plek. Dawid het verlate, verlore en eensaam gevoel. Hy het ook gevoel dat die Here hom verlaat het.

Gelukkig onthou Dawid God se liefde wat nooit ophou nie. Daarom roep hy uit in die sesde vers: *"Ek hou vas aan U troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het."*

Jy het die reg om vrae vir die Here te vra, maar moet nooit vergeet wat Hy al vir jou en jou dierbares gedoen het nie. Daarvoor moet jy God dank en hom al die prys en die lof gee wat Hom toekom.

Vra gerus God al die vrae wat nou in jou hart is.
Hy sal jou nie wegstoot nie, maar met graagte na jou luister.
Sy oor is nie doof nie. Hy sal na jou wil luister. (Jes. 59:1)

## ‘n Naam bo elke naam

**Filippense 2:9** *"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is."*

Wanneer ons ‘n naam van iemand hoor dan koppel ons dit gewoonlik aan iets wat ons weet. Noem die naam Judas, dan dink ons aan ‘n verraaier wat sy meester verkoop het vir R6. Noem die naam Nero, dan dink ons aan ‘n wreedaard wat die vroeë Christene soos fakkels aan die brand gesteek het.

Noem die naam Jesus dan dink ons aan die een wat vir ons gesterf het aan die kruis en vir ons opgewek is. Ons dink aan Hand. 4:12 *"...daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered kan word nie."* Dan dink ons ook aan Jesus se woorde in Joh. 14:13 *"En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen..."*

Weet jy daar is tog mense wat nog nooit die Naam van Jesus gehoor het nie? Terwyl ons getoer het in Israel het ons bus ‘n jong Joodse vroulike soldaat net buitekant Nasaret opgelaai. Daar het een van ons lede met haar oor Jesus gepraat, en haar gevra of sy ooit van Jesus gehoor het? Dit is tog waar hy grootgeword het. Tot ons skok moes ons hoor dat sy nog nooit Jesus se Naam gehoor het nie. Haar woorde is nog vars in my gedagte, toe sy gesê het: *"This man Jesus must have been a wonderful man – I wish I could know more about Him."*

Wees dankbaar dat jy Jesus leer ken het, en aangeneem het.
Help ander om Hom ook te ken óf Hom beter te leer ken.
Dank God dat jy die voorreg het om in Sy Naam te mag bid.

## Belê op 'n paar plekke

**Prediker 11:1,2 en 4** *"Werp jou brood uit op die water, want na verloop van baie dae sal jy dit vind. Gee 'n deel aan **sewe**, ja, ook aan **agt**; want jy weet nie watter onheil daar op die aarde sal wees nie...Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie na die wolke kyk, sal nie oes nie."*

Die gesegde is dat hy wat nie waag nie, sal nie wen nie. Dit is 'n groot waarheid. Die Boodskap vertaal ons Skrifgedeelte soos volg: *"Waag soms 'n kans met 'n belegging. Wie weet, dit verras jou dalk nog eendag. Versprei dit net oor 'n paar plekke, want 'n mens weet nooit watter teëspoed jou nog in hierdie land kan tref nie...Moenie heeltyd die wind dophou en na die wolke kyk nie, want die reën sal op sy bepaalde tyd kom. Werk liewer voluit voort."*

Ons dink hier aan Isak wat gesaai het in die tyd van droogte en 'n groot oes van die Here ontvang het. As hy na die weer bly kyk het, het hy geen oes gehad nie. Maar die Bybel vertel ons dat ten spyte van 'n groot droogte het hy gesaai en 'n baie groot oes gekry. (Gen. 26:12-14) Het jy nie op 'n plek gekom waar jy moet waag nie? Maar dan moet jy doen wat Salomo ons geleer het in ons Skrif hierbo. Hy leer ons om te belê op sewe en selfs agt plekke. Die ou mense het gesê: Moet nooit jou eiers in een mandjie sit nie.

Wat jy ook al doen sorg dat daar vrede in jou hart is.
*"Life is like taking a picture – if you missed it, you've missed it."*
Mag jy 'n groot deurbraak in jou lewe ondervind!

## Bely God se Woord hardop!

**Psalm 119:105** *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*

Die woord "bely" beteken om te erken wat jy verkeerd gedoen het, maar dit beteken ook om dit waarvan jy oortuig is openlik te verklaar – en jy doen dit met jou mond. Lees in Matt. 4 en Lukas 4, dan sal jy sien hoe Jesus die Woord gebruik het teen die versoeking van die duiwel. Met elke aanslag het Jesus gesê *"Daar staan geskrywe..."*

Ek het al die gewoonte aangeleer om God se Woord hardop te bely – veral as ek agterkom dat daar geestelike aanvalle teen my of my gesin kom. Ek deel met jou hoe ek God se Woord persoonlik op my van toepassing maak. Ek sê die volgende:
*"Omdat ek in Christus is, is ek 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, alles het nuut geword. – Ek bely dit want dit staan geskrywe in 2 Korinthiërs 5:17."*
*"In 1 Johannes 4:4 lees ek: "Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is."* Ek sê ook soms in Engels: *"I am bigger on the inside than on the outside!"*
*"Volgens die belofte in Jesaja 54:17 verklaar ek dat elke wapen wat teen my gesmee word niks sal uitrig nie." "Omdat ek glo wat geskrywe staan in Filippense 4:13, verklaar ek: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

Vir enige behoefte wat jy mag hê, kan jy Filippense 4:19 hardop uitroep: *"My God sal elke behoefte van my vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Baie wat hier lees doen dit reeds – hou aan daarmee.
Vir jou wat jou hierin wil opskerp – bely God se Woord hardop.
Leer van harte tekse wat jy in nood vinnig kan gebruik.

## Jy mag met jouself praat

**Klaagliedere 3:24** *"**Ek sê vir myself**: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom." (Die profeet Jeremia)*

Om met jouself te praat en jouself te bemoedig, is iets kragtig wat jy kan doen. Dawid het dit gereeld gedoen. In Psalm 42 het hy dieselfde woorde twee-keer gesê. Ek haal dit aan uit vers 12: *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God."* Dawid was onder druk en het homself bemoedig om op God te hoop.

Daar was ook 'n dag dat Dawid in groot moeilikheid was toe sy eie manne hom wou stenig. Dit was toe die vyand al hulle vroue en kinders gevange geneem het, terwyl hy en sy manne weg was met een van hulle togte. Ons lees hiervan in 1 Sam. 30. Dawid se beskerming en uitkoms vind ons in 1 Sam. 30:6: *"En Dawid het dit baie benoud gehad, want die manskappe het gepraat om hom te stenig…maar Dawid het homself versterk in die Here sy God."* Ek glo hy het dit gedoen, soos wat hy dit gedoen het in Ps. 42:12, terwyl hy God aanbid het, omdat hy 'n aanbidder was.

Die liededigter het vir homself gesê: 'Dit is wel met my siel'
Kan jy dit ook vir jouself sê? Praat jy ooit só met jouself?
Lees Psalm 27:1-5 en sê dit asof dit jou eie woorde is.

**Is jy miskien onder ‘n besembos?**

**1 Konings 19:3,5** *"Elia het bang geword en terwille van sy lewe gevlug…Toe gaan hy lê en hy het onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud die Engel aan hom se sê: 'Word wakker! Eet'."*

Daar is twee stories in die Bybel wat melding maak van ‘n besembos. Die eerste een is in Gen. 21:8-20, waar ons lees van Hagar en Ismael in die woestyn. Die tweede storie oor ‘n besembos vind ons in 1 Kon. 19. Albei stories gaan oor mense wat in die warm woestyn skuiling gevind het onder ‘n besembos.

In albei gevalle kon hulle voort gaan met hul lewens. Wanneer ons kom by ‘n woestyn-ervaring in ons lewe, moet ons weet daar sal ‘n God wees wat voorsien. God sal altyd daar wees om vir jou skadu te gee teen die lewe se warm son, soos wat Hy Israel in die wildernis beloof het in Ps. 121:6: *"Die son sal jou bedags nie steek n nie…"* Ons leef in ‘n wêreld waar dit amper te "warm" geword het, maar dank God vir die skadu en beskerming wat Hy ons bied.

Soos wat God se engel iets te ete gegee het vir Elia, wat hom vir veertig dae deur die woestyn laat loop het, só sal God ook vir jou voed sodat jy jou pad sal voltooi. Vir jou sê die Here: *"Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel."*

Staan op in jou gees en eet uit God se Woord.
Glo dat God daar is om jou teen die warm son te beskerm.
Hy sal ook daar wees om vir jou te gee wat jy nodig mag hê.

**Wie neem God in Sy vertroue?**

**Psalm 25:14** *"Die Here neem dié wat Hom dien, in Sy vertroue, en maak Sy verbond aan hulle bekend."*

Die Boodskap: *"Die Here maak Sy planne net aan hulle bekend wat ontsag vir Hom het. Hy maak Sy hart wyd teenoor hulle oop. Hy wys hulle wat Sy ooreenkoms met mense is."*

In Psalm 25 vra Dawid die Here om hom sekere dinge te leer. Die Boodskap vertaal verse 4,5 soos volg: *"Wees vir my soos 'n onderwyser. Gee my insig sodat ek weet wat U wil hê ek moet doen. Wys my watter pad is die regte pad. Leer my hoe U wil hê ek moet lewe. Laat my op die regte pad loop. U is die God wat my red. Op U vestig ek al my hoop."* Bid ook hierdie woorde uit jou hart tot God!

God wil ons ook leer hoe ons moet bid. Ons verstaan nie altyd hoe ons moet bid nie. Vir God wil ons sê: *"Onderrig my Here, ek is die ene ore om te leer."* Gebed is 'n leergeleentheid wanneer ons dit met hierdie gesindheid sou nader. Daar is dinge wat ons net kan leer wanneer ons in diep gemeenskap met God is. Dit is dán dat ons die "Vaderhart" van God leer ken.

As jy ontsag vir God het sal Hy Sy hart teenoor jou oopmaak. Hy sal jou beskerm en jou omring met Sy wonderlike liefde. En soos ons teks sê sal Hy Sy verbond aan jou bekend maak.

# Wat sê jy tot die Here?

**Psalm 91:1,2** *"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou."*

Dit is my tiende Dagstukkie wat ek skryf uit Psalm 91. Dit bly een van die mees uitstaande gedeeltes in die Bybel. Die afgelope tyd sê ek vir mense om, in hierdie Covit 19 tyd, mooi na hulself te kyk maar beslis te glo in Psalm 91 – want net in God alleen is ons beskerming. In Ps. 91:5,6 beloof God: *"Jy hoef nie te vrees...vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie."*

Ek vind ook dat dit nodig is dat ons waarhede met die mond moet sê. Nie net glo in ons harte nie, maar uitspreek met ons mond. Maak seker jy het 'n paar tekse wat jy goed ken, en leer om hulle korrek aan te haal soos wat hulle in jou Bybel voorkom. Glo dan die tekse en spreek dit, soos wat die Psalmdigter dit in Ps. 91 gedoen het. Dit werk so: Jy glo met jou hart, en bely (spreek dit uit) met jou mond, soos wat dit geskrywe staan in Rom. 10:10: *"...want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*

Dank God dat ons altyd 'n veilige skulplek by Hom het.
Skuil by Hom in goeie tye, dan is jy ook veilig in moeilike tye.
Weeg altyd jou woorde voordat jy praat. (Spr. 18:21)

## ‘n Fontein van lewende water

**Johannes 4:14** *"...elkeen wat drink van die water wat Ek sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ‘n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."*

Hierdie deel in die Bybel gaan oor Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by ‘n put, waar Hy haar geleer het van die lewende water wat Hy aan haar kon gee. Jesus sê dat hierdie water sal wees soos ‘n fontein wat nuwe lewe in haar sou bring. Kan jy ook getuig dat hierdie fontein van lewende water ook in jou lewe is?

Ons kan nie vullis by die mond van ‘n fontein probeer inkry nie. Die krag van die water wat uitspuit, beskerm en reinig die fontein van onsuiwerhede van buite. Jy moet kennis neem dat die geestelike fontein wat binne jou is werk op dieselfde manier. Indien jy toelaat dat liefde, vreugde, sagmoedigheid en alles wat die Gees in jou gebring het, uit jou vloei, sal dit wat vuil en lelik is nie kan inkom nie.
Die krag van God se fontein in jou is te sterk, en hou dit wat verkeerd is buite.

Natuurlik is die voorwaarde dat ons moet drink van die water wat Jesus vir ons gee. Dit is dan dat ander dinge nie jou geestelike dors kan les nie. As jy eers gedrink het van die water wat Jesus gee, word dit soos ‘n fontein wat aanhou vloei.

Kom ons bid vir ‘n groter dors na die water wat Christus gee.
Mag dit wees soos ‘n fontein wat opspring hier diep in ons.
Want daar is baie dorstige siele wie se dors geles moet word.

## Jy is 'n nuwe skepsel!

**2 Korinthiërs 5:17** *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Jy is 'n nuwe skepsel omdat jy wedergebore is. Ja, jy is soos iemand wat weer 'n keer gebore is. Netsoos 'n baba nie 'n verlede het nie – het jy ook nie 'n verkeerde verlede nie – wanneer jy weer gebore is nie. Ek verwys na jou "verkeerde verlede" omdat dit weggewas is met die bloed van Jesus Christus. Al verlede wat oorgebly het is die mooi dinge wat daar was.

Wat sou jy dink as ek 'n baba op my skoot laat sit – 'n pragtige klein dingetjie van net 'n paar maande oud, en ek sou sê: "Ag, is hy nie oulik nie? Net jammer van sy verkeerde verlede." Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"* Sê saam met Paulus: *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is..."* Neem 'n besluit: Vergeet die verkeerde dinge wat agter jou is.

Onthou die voorwaarde is om in Christus te wees.
Behou jou verbintenis met Hom. Lees Joh. 15:4-7.
Jy sal dan vind dat alles vir jou nuut word.

## Die waarheid oor Onderdanigheid

**Kolossense 3:18,19** *"Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here. Manne, julle moet jul vroue liefhê en nie teen hulle verbitter word nie."*

Een van die eerste opdragte wat gegee word in die verhouding van man en vrou gaan oor onderdanigheid. Hierdie opdrag is nie iets wat die man en vrou vrywillig kan kies nie, of dit word nie bepaal deur die kultuur waarin hulle leef nie. Hierdie opdrag van om onderdanig te wees, is van God, en dit geld nie net vir die vrou nie maar ook vir die man. Eintlik moet ek sê, vir die hele gesin. Dit word hier eerste aan die vrou gegee – want 'n vrou wil eerste weet wat sy moet doen.

Man, en vrou (asook die gesin) word opgeroep om eerstens aan God onderdanig te wees, en dan ook aan mekaar. Volgens Ef. 5:21 is dit duidelik dat ons almal aan mekaar onderdanig moet wees. Daar lees ons: *"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."* Kan jy sien dit geld vir ons almal?

As jy 'n onderdaan is van 'n Staat, dan is die Staat verplig om jou te beskerm en vir jou te sorg. Net so werk dit in die huwelik. As jy onderdanig is aan jou lewensmaat, is hy of sy verplig om jou te beskerm en vir jou te sorg. Hoekom hou baie dan nie van om onderdanig te wees nie?

Ek hou van die Engelse woord "accountable" – aanspreeklik. Niemand moet só verhewe wees, dat hulle nie aanspreeklik gehou word nie. Pasop vir hoogmoed. Spr.16:18: *"…hoogmoed kom voor die val."*

## Liefde en Vrees

**1 Johannes 4:18** *"Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie."*

Vrees is 'n ervaring van angs vir wat moontlik kan gebeur of skeefloop. Vrees is die emosie wat jy ervaar wanneer jy voel jy is in gevaar. Vrees vir die onbekende, vrees om iets verkeerds te doen, vrees om iets of iemand kosbaars te verloor. Bang wees en mens wees is aanmekaar gekoppel. Gelukkig is daar 366 "Moenie bang wees" beloftes in die Bybel. Een meer as vir elke dag van die jaar. 'n Prediker het gesê dat vrees is geloof in tru-rat. Vrees knaag gereeld aan elke mens en steel ons energie.

Maar dank die Here vir "volmaakte liefde" – dit is God se liefde wat vrees verdryf. Watter voorreg dat ons nie hoef te werk vir hierdie liefde nie, want in Rom. 5:5 lees ons dat God se liefde uitgestort word in ons harte. Die Boodskap vertaling maak 'n sterk verklaring deur te sê: *"Hy vul ons lewens elke dag met Sy liefde. Dit doen Hy deur die Heilige Gees wat by ons bly."* Ek verstaan dit, omdat as God se Gees in ons bly, dan sal ons God se liefde ervaar.

Daar is vrees, wat jy laat wegspring van normale gevaar.
Maar daar is 'n vrees wat jou baie moeg maak en uitput.
Laat God se liefde hierdie soort vrees uitdryf en wegdryf.

## Koop die tyd uit

**Kolossense 4:5** *"Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit."*

Daar is twee woorde wat in Grieks gebruik word vir tyd. Die een is *"kairos"* wat beteken: gunstige tyd – vasgestelde tyd – beplande tyd – definitiewe tyd. Die ander Griekse woord vir tyd is *"chronos"* wat verwys na die lengte van tyd, in sekondes, minute, ure, dae en jare. Dit verwys na gewone tyd.

In Ef. 5:16 staan ook geskrywe: *"…en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."* Die Lewende Bybel vertaal dit: *"Moenie tyd mors nie – maak die beste gebruik daarvan want ons leef in moeilike tye."*

Ons moenie die eerste deel van ons teks miskyk nie. Terwyl ons die beste maak van die tyd wat tot ons beskikking is, moet ons in wysheid wandel teenoor hulle wat nog nie ten volle aan die Here behoort nie. Die Bybel praat van hulle wat nog "buite" is. Kom ons gebruik meer tyd om hierdie mense te bereik met die liefde van die Here. Veral in hierdie moeilike tyd van 'n pandemie en ekonomiese druk en onsekerheid moet ons as God se kinders leef soos skynende ligte in 'n donker wêreld.

Gebruik veral die gunstige tye ten beste wat die Here jou gee.
In hierdie gejaagde lewe het ons baie wysheid nodig.
Ek glo: 'Life is like taking a picture – do not miss it'.

## Daar is krag in jou gebed

**Matthéüs 7:7,8** *"Bid, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word."*

Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Julle moet nie moeg word om te bid nie. Vra en God sal vir julle gee. Soek en julle sal kry. Klop aan God se hemelse deur en Hy sal vir julle kom oopmaak. Want elkeen wat vra, ontvang; elkeen wat soek, kry, en elkeen wat klop, tref uiteindelik 'n oop hemelse deur aan."*

Miskien voel jy nie dat dit vir jou geld nie? Dan moet jy vandag hoor dat daar krag is in jou gebed. Dit gaan nie oor hoe jy voel nie, maar dit gaan oor wat God beloof het vir hulle wat tot Hom bid. Jy sê dat jy maar net 'n gewone mens is? Lees weer wat vertel die Bybel van Elia in 1 Petrus 5:17,18: *"Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit."*

Skep moed, en bid met sterker geloof dat God jou hoor.
Moenie dink dat jy te onwaardig is om te kan bid nie.
Jou gebed is vir die Here baie kosbaar en waardevol.

# Deel wat jy besit met ander

**Lukas 6:38** Die Boodskap: *"Deel julle besittings met ander, dan sal God vir julle sorg. Julle sal nooit te min hê om van te leef nie. Julle sal van kop tot tone oorlaai word met goeie dinge. Ja, julle ganse lewe sal oorloop van goedheid. Al die goeie dinge wat julle met ander deel, sal op verrassende maniere na julle toe terugkom."*

Dit is asof God jou dorp toe stuur om vir jou buurman inkopies te gaan doen en dan sê Hy vir jou: "Wat jy ook al vir jou buurman kry, kry ook vir jouself daarvan. Wat jy ook al vir hom gee, sal jy self ontvang."

Die eerste gemeente in Jerusalem het hul besittings met mekaar gedeel. Ons lees daarvan in Hand. 4:32. (Lees dit gerus) Paulus het ook die Griekse gelowiges geleer in Hand. 8 en 9 om te gee aan die arm Christene in Judéa – terwyl die Grieke self baie arm was. (2 Kor. 8:2)

Baie meen dat die Bybel nie veel praat oor geld en besittings nie. Hulle glo dat die meeste gepraat word oor liefde, geloof en gebed. Daar is ongeveer 500 tekste elk oor liefde, geloof en gebed, maar daar is 2350 verse oor geld en besittings. Het jy geweet dat sestien van die 38 gelykenisse wat Jesus vertel het, het gegaan oor geld en besittings? In die Bybel word ons geleer hoe om met geld en besittings te werk.

As jy vashou aan wat jy het, mag dit al wees wat jy sal besit.
Sou jy deel wat jy het met ander, sal jy God se seën ervaar.
Onthou: 'n Toe-hand ontvang nie, maar 'n oop-hand wel.

## Ons is op 'n geestelike resiesbaan

**Hebreërs 12:1,2** *"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof…"*

*'Die lewe is nie 'n 100-meter naelloop nie. Nee, dit is veel meer 'n marathon en vir sommige 'n ultramarathon. Dit eis volharding en deursettingsvermoë. Party mense leef sonder enige kompas wat hulle rigting gee. Vir Christene lyk die lewenspad anders omdat ons oë op Jesus gevestig is. Ons word nie totaal van stryk gebring deur elke hindernis en ompad nie.'*

*'Die pawiljoen sit volgepak en jy is op pad na die wenstreep. Die skare gaan mal, want jy gaan dit maak. Die gelowiges van al die eeue sit op die hemelse pawiljoen en moedig dié wat nog leef aan om te volhard, tot die einde toe.' (Bybel 24/7)*

Ons almal vind ons op 'n geestelike resiesbaan. Daar moet niks wees wat ons keer om die eindstreep te behaal nie. Ons moet só hardloop asof ons beplan om te wen. Jy moet altyd ingestel wees dat wat jy in elk geval doen, moet jy doen nie net om dit te geniet nie, maar om te wen.

In alles moet ons meer as oorwinnaars wees. (Rom. 8:37) Sorg dat jou fokus reg ingestel is om die wenpaal te bereik. Raak ontslae van dit wat jou sal terug hou – hardloop met oorgawe.

## God maak siekes gesond
**Exodus 15:26** *"Ek is die Here wat jou gesond maak"*

Jak. 5:15 *"En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."* Dit kom hierop neer dat as iemand sonde gedoen het weerhou dit nie God om hom of haar te genees nie. Baie meen dat jy moet heilig wees voordat die Here jou sal genees. Deur die jare het ek egter gesien dat hulle wat nie eers naby aan die Here geleef het nie, soms hul genesing makliker gekry het as hulle wat toegewyde Christene was. Genesing is net te danke aan God se groot genade, en nie deur ons verdienste nie.

Jare gelede moes ek dienste gaan hou het in Parow. Per trein het ek gereis vanaf Heidelberg in die Kaap. My probleem was dat ek baie siek was toe ek hierdie reis onderneem het. In die dienste wat ek moes hou het ek van die grootste genesings gesien – terwyl ekself hoë koors gehad het. Ja, God kan 'n siek bidder gebruik.

Kom ek vertel jou nog 'n mooi storie oor genesing. Ek was besig om kerk te bou in Kroonstad en my hande was baie vuil – praat nie eers van my oorpak nie. 'n Vrou, net oorkant die kerk, het na my gekom en my gepleit om vir haar sterwende man te kom bid. Ek het haar gewys hoe vuil my klere en my hande was. Tog het sy egter aangehou om my te vra om dadelik na hul huis te kom. Daar het ek vir haar man gebid met die oplegging van my hande (vuil hande) en gesien hoe die Here hom genees. Waarlik die Here is 'n God wat gesond maak!

Moet nooit twyfel dat God nie gesond kan maak nie.
Wees altyd 'n beskikbare instrument om vir ander te kan bid.
En moet nooit vergeet om aan die Here al die eer te gee nie.

**Vrede moet jou skeidsregter wees**

**Kolossense 3:15** Die Lewende Bybel: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidsregter wees as julle oor iets twyfel…"*

Het jy geweet dat ons 'n "skeidsregter" het wat hier diep in ons binneste is? Dit klink seker na 'n snaakse uitdrukking? Maar dit is presies hoe die vrede van God in ons werk.
Volgens ons Skrifgedeelte is dit asof God 'n skeidsregter in ons geplaas het – naamlik Sy vrede. Elke keer as vrede versteur word in ons harte, dan blaas hierdie skeidsregter die fluitjie, omdat ons iewers reëls oortree het.

Ek het altyd vir myself, asook my kinders, geleer dat hulle nie 'n belangrike besluit moet neem indien hulle nie vrede ervaar nie. Natuurlik neem jy ook geen besluit in moedeloosheid nie, want gewoonlik is dit die verkeerde besluit.

As jy ware vrede in jou hart het is jy ook vergenoeg. Jy sal 'n tevrede persoon wees. Paulus geskryf het in Fil. 4:11, naamlik: *"…ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is."* Dit is duidelik dat ons moet "leer" om vergenoeg te wees – dit leer jy as daar ware vrede in jou hart is. Werk dus aan die vrede hier binne jou, en die res sal reg kom.

Sorg dat God jou vergewe het van alle sonde. (1 Joh. 1:7,9)<br>
Hou nie iets teen mense wat jou seer gemaak het nie.<br>
Vra die Here om Sy vrede deur jou te laat vloei.

## Wees versigtig wat jy dink

**Spreuke 4:23** *"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."*
Die Lewende Bybel: *"…'n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."*
Die Boodskap: *"Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed."*

Ons gedagtes is iets baie persoonlik aan elkeen van ons. Nie eers die mense naaste aan jou weet wat jy dink nie. Tog is dit ons gedagtes (dit wat ons dink) wat bepaal in watter rigting ons lewens gaan. Soos Die Boodskap vertaling dit stel: *"Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed."*

Ja, ons wonder soms waar kom sekere gedagtes vandaan? Ek verwys ook na verkeerde gedagtes wat jou baie keer onkant vang. Jy skrik vir jouself. Maar dan is daar ook gedagtes wat ons toelaat wetende dit is nie die regte ding om te doen nie. Daarom moet ons versigtig wees wat ons dink. Paulus skryf in Kol. 3:2 *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."*

Indien jy in oorwinning wil leef, moet jy vasberade wees en net tevrede wees met die beste wat God vir jou het. Regte aksie begin met regte denke. Moenie passief wees in jou gedagtes nie, maar fokus jou gedagtes op die beter dinge in die lewe.

Onbelangrike en onrein dinge moet nie jou gedagtes vul nie.
Hierdie gedagtes kan ons soms baie besig hou, en dreineer.
Vul jou gedagtes met God se woord – bedink en doen dit.

**Moenie ophou om vrugte te dra nie**

**Jeremia 17:7,8** "Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en **hy hou nie op om vrugte te dra nie**."

Joh. 15:4-8 is 'n treffende gedeelte waar Jesus ons vra om in Hom te bly sodat ons vrug kan dra. Maar moet nooit vergeet nie, om 'n vrugteboom te snoei is ook baie noodsaaklik indien dit gesonde vrugte moet dra. As jy dus "gesnoei" word is dit omdat die Here begeer dat jy meer en gesonde vrug sal dra.

Ek hou nogal van die laaste sin in ons teks, wat sê: "…'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie." Miskien stel Die Boodskap dit duideliker? "Lang maande waarin dit baie droog is, is ook nie regtig 'n probleem nie. Hulle hou steeds aan vrugte dra." Mag dit getuig van jou en my.

Dit is belangrik om bome te snoei. Dooie takke word verwyder en dit maak plek vir nuwe takke om uit te kom. Snoei help ook om 'n boom 'n beter voorkoms te gee. Die meeste vrugtebome moet elke jaar gesnoei word sodat daar gereeld gesonde vrugte voortgebring kan word.

Moet dus nie rebelleer as God snoei in jou lewe nie.
Dit is nie om jou seer te maak nie, maar om jou meer vrugbaar te maak.
Neem 'n besluit om nie op te hou om vrugte te dra nie.

## Die sleutels van die koninkryk

**Matthéüs 16:19** *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Die letterlike vertaling van ons teks in Grieks lees soos volg: *"Ek gee jou die sleutels van die koninkryk. Wat jy ook al gesluit verklaar op aarde is in die hemel gesluit, en wat jy ook al oopgesluit verklaar op aarde, is oopgesluit in die hemel."* Jy verklaar met jou mond wanneer jy uitspreek wat waar en reg is, volgens die beloftes in die Bybel.

Persoonlik glo ek dat hier verwys word na die "hemelruim" bokant ons. Volgens wat ons lees in Ef. 6:12 is ons stryd teen die bose in die lug – dit is in die hemelruim. Ons wen of verloor in die geestes wêreld. Ons stryd is nie met mense nie. God het ons die mag gegee om, in Sy Naam, die bose magte te bind. Ons kan God se leërmag oproep om namens ons op te tree.

As God se kinders het ons gesag ontvang volgens Luk. 19:10. (Lees dit met aandag) Ek is oortuig ons kan gesag neem oor die bose dinge wat ons land wil regeer. Kom ons gebruik die mag wat God ons gegee het, en maak 'n verskil waar ons woon.

Maak gebruik van die sleutels wat Jesus jou gegee het.
Sluit oop wat oop moet wees, en maak toe wat toe moet wees.
Gebruik die sleutels deur die regte verklarings te maak.

## Bid volgens Sy wil

**1 Johannes 5:14** *"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil."*

Oorwinning kom wanneer ons presies bid volgens God se wil. Baie gelowiges is soms onseker of hulle bid volgens die wil van die Here. Hulle bid dat wat ook al God se wil is, dit moet plaasvind. Wat ons eintlik moet bid is dat God se wil, soos dit geskrywe staan in die Bybel, moet plaasvind. Dit is presies hoe ons teks dit stel.

Toe jy gered is het jy nie die Here gevra om jou te red, indien dit Sy wil is nie. Jy het jou sonde bely en Jesus aangeneem as verlosser, volgens 1 Joh. 1:7,8 en Joh. 1:12. Jy het geweet God se wil is om jou te vergewe en dat jy Jesus se kind sou word.

Wat jy behoort te doen is om uit te vind wat God se wil is in 'n saak en dan in geloof te bid en aanvaar God sal dit vir jou doen, volgens Sy beloftes in die Bybel. Doen dit ook wanneer jy bid jy vir genesing. Glo wat geskrywe staan in 1 Pet. 2:24 as jy bid vir genesing. Dieselfde doen jy wanneer jy bid vir voorsiening in jou tydelike nood. Glo die belofte in Fil. 4:19 voordat jy bid. Vind elke keer die belofte wat 'n antwoord gee op jou probleem – dan bid jy die antwoord en nie die probleem nie.

Voordat jy bid, maak seker dat jy oortuig is dit sal gebeur.
Bid die beloftes wat opgeteken is in die Bybel – en glo dit.
Kry dan jou gesindheid reg om te ontvang wat jy gebid het.

## Bely mekaar julle misdade

**Jakobus 5:16** *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Die woord "bely" beteken om te "erken" – en in hierdie geval is dit teenoor mekaar. Die meeste mense kry swaar om te erken. Wees ook bekommerd as jy nie meer kan bely nie. Ons sal meer genesings sien indien ons kan bely teenoor mekaar – want dit is presies wat Jakobus ons leer in ons Skrifgedeelte.

Miskien vra jy: "Waarom is daar so baie gelowiges wat liggaamlik en ook geestelik siek is?" Hier is die antwoord. Indien ons gesonde huisgesinne wil hê, moet vader, moeder en kinders bely teenoor mekaar waar hulle gefaal het. Dieselfde geld ook as ons wil sien dat ons gemeente 'n gesonde een sal wees. Ons het baie meer nodig in die kerk as net mooi prediking, geseënde sang en musiek. Ons gemeentes het nodig om swak verhoudinge tussen hulle te herstel, deur teenoor mekaar te bely. Bid hiervoor indien jy herlewing verwag!

Wie van ons het nie foute nie? Wie het die reg om 'n klip te gooi? En die belangrike vraag is: Hoekom moet ons bely? Die antwoord is hier in ons teks: "Sodat julle gesond kan word"

Bely wat nodig is, sodat daar genesing sal kom.
Dank ook die Here dat daar groot krag is in vurige gebed.
Bid met groot erns vir genesing van ons land wat so gebroke is.

# Vergeet die seer verlede

**Genesis 41:50.51** Die Lewende Bybel: *"Josef en Asenat, die dogter van Potiféra, het twee seuns gehad wat gebore is voor die jare van hongersnood begin het. Die oudste seun het hy Manasse genoem want hy het gesê: God het my laat vergeet hoe swaar ek gekry het en dat ek ver van my pa en mense is."*

Wat moes Josef vergeet? Hy moes vergeet dat sy broers nie sy drome aanvaar het nie, en dat hulle hom in 'n put gegooi en as 'n slaaf verkoop het. Josef moes ook vergeet dat hy onskuldig in die tronk gegooi was omdat Potifar se vrou hom valslik beskuldig het.

Ons vergeet nie die mooi dinge wat met ons gebeur het nie. Maar die vraag vandag is: Wat moet ons vergeet? Soos Paulus moet ons kan uitroep: Fil.3:14 *"Maar een ding: Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."* Paulus moes vergeet hoe hy Stefanus se dood goedgekeur het en hoe hy die Christene vervolg het. Dit is goed om terug te dink, maar dan moet ons leer om die seer verlede te vergeet.

Vergewe en vergeet nie net as iemand daarvoor vra nie. Vergewe en vergeet sodat jyself vry kan word. Jy vergewe en jy vergeet omdat God ook jou verkeerde dade vergewe het en alles wat jy verkeerd gedoen het, reeds vergeet het. Die Bybel sê God dink nie eers daaraan nie.

Moenie vashou aan dit wat jou seergemaak het nie.
Strek jou uit na die mooi dinge wat vir jou wag.
Laat God se saad in jou vrug voort bring.

## Die krag van saamstem

**Matthéüs 18:19** *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel van my Vader wat in die hemele is."*

Dit is wonderlik om te dink ons het nie baie mense nodig om hierdie belofte ons eie te maak nie – net twee is nodig! Die krag van saamstem is een van die kragtigste waarhede in die hele Bybel.

As twee van julle saamstem in gebed, toets julle gebed met die volgende: Is daar harmonie in wat ons bid? Harmonie werk soos die simfonie in 'n orkes. 'n Orkes het harmonie as die klanke wat elke instrument maak, saam vloei. As ons kan saamstem in gebed is daar nie 'n krag wat dit kan keer nie. Daarom doen die duiwel alles wat hy kan om egpare, asook families te keer om nie saam te stem in gebed nie.

Maar luister na hierdie waarheid: Die krag van saamstem in gebed sal net werk indien dit gebou is op God se woord. 'n Mens kan dus nie saamstem indien iets nie is volgens wat in die Bybel staan nie. Gaan dus na die Here se woord en kry 'n belofte wat as fondasie sal dien waaroor julle bid. Tree dan op asof dit reeds plaasgevind het. Geloof is tog immers, 'n vaste vertroue op die dinge wat ons nie kan sien nie, maar wat ons hoop. (Heb. 11:1)

Wat doen julle dan as mense vrae het waaroor julle bid? Antwoord dat julle glo dat die oplossing en uitkoms op pad is. En mag God ver meer doen as waarvoor julle Hom gevra het!

## Vertel mense van God se liefde

**Joh. 13:35** *"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

Hierdie wêreld sal 'n begeerte kry om volgelinge van Jesus te word as hulle voorgestel word aan die liefde van die Here. Dit was juis God se liefde in 'n prediker wat een van die grootste bendeleiers 'n volgeling van Jesus Christus gemaak het.

Het jy al die boek gelees óf die film gesien van "The Cross and the Switchblade"? Daarin leer ons van Nicky Cruz, die bendeleier in New York, en David Wilkerson, die prediker. Nicky was destyds as die mees roekelose bendeleier van sy tyd beskou. Tog, toe David Wilkerson voor hom staan en hom van Jesus se liefde vertel, kon Nicky dit nie regkry om David met sy mes te steek nie. David het net bly sê: "Ek het jou lief en God het jou lief." Nicky Cruz het net daar sy lewe aan Jesus oorgegee en was kragtig deur God gebruik om die bendewêreld in te dring met die Evangelie van Jesus Christus. (Dit was my voorreg om baie jare gelede vir David Wilkerson, in my motor, te neem na Evangelie dienste wat hy in Durban gehou het.)

Die mooiste beskrywing van liefde vind ons in Die Lewende Bybel – 1 Kor. 13:4-7: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie…As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."*

Mense waar jy woon, het 'n dors na ware opregte liefde.
As jy 1 Kor. 13:4-7 het – dra dit dan oor waar jy kom.
Waarvoor wag jy – gaan maak 'n verander in jou omgewing.

## Ikabod

**1 Samuel 4:19-22** *"Sy (Eli die priester) se skoondogter, die vrou van Pinehas, was swanger en sy was op haar laaste. Toe sy tyding kry dat die ark gevat is en dat haar skoonpa en haar man dood is, het sy…'n kind in die wêreld gebring…en die seuntjie Ikabod genoem en gesê:…die eer is weggevat uit Israel, want die ark van God is gevat."*

Die neem van die ark, deur die Filistyne, was vir Eli se skoondogter 'n groter skok as die dood van haar man Pinehas en die dood van haar skoonpa, wat priester was. Die woorde wat ons vind in vers 22 is so treffend: *"…die eer is weggevat uit Israel, want die ark van God is gevat."* Die Lewende Bybel vertaal vers 22 met: *"Maar dit was eintlik oor die verbondskis weggevat is dat hulle gesê het: 'God se eer is nou weg uit Israel.'"*

Sedert daardie dag het die woord Ikabod al deel van ons taal geword. Dit was al baie gebruik wanneer ons glo dat daar nie veel hoop vir iemand, 'n saak, of 'n land is nie. Bid saam met my dat God se eer nooit ons land sal verlaat nie, want dan is dit "Ikabod" met ons! Kom ons bid dat God weer eer sal ontvang wat Hom alleen toekom!

As daar een ding is wat jy en ek (en ons gemeente) moet teen waak, en dit is, dat ons nooit God se eer sal verloor nie. Jy sien, die teenwoordigheid van God kom met Sy heerlikheid. Netso het God se ark seën en voorspoed gebring. Sonder die ark was Israel in groot gevaar. Sonder God se teenwoordigheid is ons in gevaar.

As jy God se teenwoordigheid verloor is jy in duisternis.
Beskerm en waardeer God se teenwoordigheid in jou lewe.
As jy God eer sal Hy jou ook eer waarvoor jy Hom mag vertrou.

## Watter rol speel saad?

**Genesis 1:12** *"Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was."*

Van die begin van die skepping, speel saad 'n baie groot rol. Vandag wil ek praat oor die geestelike saad wat gesaai word in mense. Ek weet daar is die gelykenis van die Saaier in Matt. 13 wat ons vertel dat net 'n deel van die saad in goeie grond geval het en vrug voort gebring het. Maar dit moet ons wat die woord saai nie keer om voort te gaan om dit te doen nie. Ek wens ek kon met jou gesels het oor die groot rol wat saad regdeur die Bybel gespeel het – maar neem kennis dat saad wat geplant is 'n geweldige groot rol speel.

Bid saam met my dat "die saad van God se Woord" wat gesaai is in die honderde duisende manne wat deur die jare by Mighty Men Konferensies was, nou meer sal groei as ooit. Daardie saad moet nie doodgaan nie, maar dit moet bly groei dat die nuwe lewe, wat God beloof het, 'n magtige herlewing sal bring in Suid Afrika.

Moet nooit dink dat die geestelike saad wat jy in jou kinders geplant het verlore sal gaan nie. Vir die ouer wat dit moet hoor, haal ek Jer. 31:16 aan: *"So sê die Here: Bly stil, moenie huil nie, moenie trane in jou oë hê nie! Vir al jou swaarkry sal jy vergoed word, sê die Here, jou kinders sal uit die vyand se land terugkom."* Hulle sal terugkom omdat die saad van God se Woord wat in jou kinders geplant is, sal gebruik word om God se doel in hulle te bereik. Glo dit en bely dit!

Die Bybel het treffende boodskappe oor saad – studeer dit.
Neem ook kennis dat God in jou geestelike saad geplaas het.
En wat jy kan saai sal 'n groot verskil maak in hierdie wêreld.

## Saad wat gesaai is sal opkom

**Markus 4:26,27** Die Lewende Bybel: "Jesus het ook vir hulle gesê: In God se nuwe ryk gaan dit soos wanneer iemand saad in die grond saai. Terwyl hy bedags werk en snags slaap, kom die saad op en groei. Hy weet self nie eers hoe dit presies gebeur nie."

Een ding is seker en dit is saad wat gesaai is, sal opkom. Jy hoef nie te weet hoe dit werk nie, jy moet net weet dit werk. Wat jy ook moet weet is dat daar geskrywe staan in Gal. 6:7, *"…wat die mens saai; dit sal hy ook maai."* Nog 'n uitstaande teks vir my is in Jak. 3:18 (Die Lewende Bybel) *"'n Mens wat die vrede bevorder, is soos iemand wat die vrede saai. Die oes sal goeie dinge vir hom oplewer."*

Alhoewel ons poog om goeie saad te saai is daar 'n bose vyand wat nie sal wag om sy onkruid te saai nie. Lees daarvan in Matt. 13:24,25. Miskien kan hierdie kennis jou weerhou om goeie dinge te doen? Moenie dit toelaat nie! Doen soos geskrywe staan in Gal. 6:9: *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."*

Reinhardt Bonnke, die bekende wêreld evangelis, het gesê dat jy nie op sement moet saai nie. Daardeur het hy bedoel dat jy nie moet gee as jy weet daar sal nie iets opkom nie. Dink dus mooi waar jy moet gee. Onthou ook dat al die saad in Matt. 13 wel opgekom het. Die saad op die pad, rotse en dorings het wel gegroei, maar nie vrug voort gebring nie. Net die saad wat in goeie grond geval het, het vrug voort gebring. Wees net getrou om jou kant te bring deur te saai – deur te gee.

Dink mooi na waar jy al in jou lewe gesaai het.
Hoekom roep jy nie jou oeste op nie – jy het mos reg gesaai?
Want indien jy saai het, sal jy verseker kan maai.

# Jesus is die 'pad' na God

**Johannes 14:6** Die Boodskap: *"Jesus sê toe: Laat Ek dit so stel: Ek is die 'pad' en my Vader die 'adres'. Wie hierdie pad loop, kom by die ware lewe uit. As iemand 'n ander pad loop, sal hy nooit by my Vader uitkom nie."*

Jy kan hemel toe gaan, sonder om totaal gesond te wees. Jy kan hemel toe gaan sonder geleerdheid en sonder enige vriende. Maar geen mens kan hemel toe gaan as hy nie 'n besluit geneem het om God se pad te loop nie. Ek onthou nog hoe 'n oom in die hospitaal vir my gesê het dat daar baie paaie is om bo-op 'n berg te kom en dat hy geglo het daar is baie paaie hemel toe. Party is net moeiliker as ander, maar almal sal daar uitkom. Kan jy dink dat iemand in sy jare nog so 'n leuen kon glo?

God se pad hemel toe is deur Jesus Christus, Sy Seun. Ek onthou nog hoe ek op sestien jaar my besluit geneem het om God se pad te loop. Alhoewel ek in 'n kerk groot geword het, moes ek persoonlik my sonde bely het en Jesus as my Saligmaker aangeneem het. In Johannes 1:12 staan geskrywe: *"Maar almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."* Ek wil glo dat jy dit ook al gedoen het, en nou die reg het om te sê dat jy God se kind is?

Die oomblik wanneer jy dit wat hierbo staan gedoen het, bevind jy jouself op God se pad, wat nie altyd 'n maklike een is nie. God se pad is baie keer 'n onverstaanbare pad; ook 'n eensame pad; maar dank God, dit is 'n pad van groot blydskap. Ek dink aan die hofdienaar wat op God se pad gekom het. In Hand. 8:39 lees ons: *"…hy het sy weg met blydskap gereis."*

Kom ons besluit om te volhard op die Here se pad.
Ek ken nie 'n beter pad as God se pad nie.
Al is dit nie altyd 'n maklike pad nie – bly dit die beste pad!

**Nogtans sal ek jubel in die Here**

**Habakuk 3: 17,18** *"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie, nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil."*

Is jy "'n Nogtans" Christen? Dit is 'n Christen wat nie afhanklik is dat dit net met hom goed moet gaan voordat hy die Here kan loof nie. Want hy weet dit is moontlik dat slegte dinge kan ook goeie mense tref!

Ons almal ken seker die ou lied? "Tel jou seëninge, tel hul een vir een…" Hierdie lied het talle mense gehelp om weer moed te skep in moeilike tye, wanneer alles om hulle donker geraak het. En elke keer het hulle weer verbaas gestaan wat die Here vir hulle gedoen het.

In die gebed wat Habakuk gebid het sien hy dat die skure leeg was, dat die oes misluk het en dat die veekrale leeg is – maar steeds kon hy jubel in die Here. Hy kon jubel omdat Hy geweet het dat hy 'n God dien wat graag wil seën. Corrie ten Boom het eenmaal gesê: *"Wanneer 'n trein deur 'n tonnel ry en dit word stik-donker, gooi jy nie jou kaartjie by die venster uit en spring van die trein af nie. Jy word rustig en vertrou die masjinis."*

Hoe vergelyk jou manier van bid teenoor Habakuk sin?
Kan jy nog – ten spyte van teëspoed – jou seëninge tel?
Besluit om te kan uitroep: "Nogtans sal ek jubel in die Here!"

## Geniet jy dit om te gee?

**Spreuke 11:24** Die Lewende Bybel: *"Daar is mense wat baie weggee en tog altyd meer bykry. Maar daar is ook mense wat suinig is, en dan op die ou end self gebrek ly."* Die 1983 vertaling: *"Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het, daar is ander wat suinig is en tog arm word."* Die Boodskap: *"Wie baie vir ander gee, word al hoe ryker. Wie suinig is, word al hoe armer."*

Die Bybel leer ons dat dit saliger is om te gee as om te ontvang. Ek hoop dit is altyd vir jou aangenaam om te gee? Iemand het dit eenmaal soos volg in Engels gestel: "You can never outgive God." Weet jy hoekom is dit 'n waarheid? 'n Oop-hand is 'n ontvang-hand.

Natuurlik moet ons mooi dink waar en aan wie ons gee. Maar moenie jouself skade doen om nie te wil gee nie. Lukas 6:38 bly vir my 'n treffende Skrifgedeelte. Ek haal hier aan uit Die Lewende Bybel: *"Gee vir ander mense, dan sal God vir julle ook gee. Hy sal dit vir julle gee soos iets wat 'n mens in 'n houer uitmeet, maar dit sal soveel wees dat dit sal oorloop al word dit ingedruk en gelyk geskud. Want met die soort maat waarmee julle vir ander iets uitmeet, sal God ook vir julle uitmeet."*

Wanneer jy vir jou kerk gee of vir mense wat in nood is, moet jy nie net 'n bedrag gee nie, maar gee dit soos wat jy saad sal saai. Want dit is juis wat Paulus ons leer in 2 Kor. 9:6: *"Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes."*

Neem 'n besluit om altyd 'n blymoedige gewer te wees. Moenie terug hou wanneer jy 'n drang ervaar om te gee nie. Vertrou die Here vir 'n oes elke keer as jy sou gee.

## Stem saam met die Bybel

**Matthéüs 18:19** *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."* <u>*En in vers 16 staan daar*</u>*: "…in die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan"*

Daar is baie krag in saamstem in gebed. Dit is 'n groot waarheid. Maar ek wil nog 'n waarheid byvoeg, en dit is: As jy met jou mond saamstem oor 'n waarheid in God se woord, sal dit waar word. Ek bedoel dat wanneer jy 'n belofte in die Bybel lees jy dit moet glo en daarmee saamstem.

As jy siek is, stem jy saam met 1 Petrus 2:24, naamlik: *"Hy het self ons sondes in Sy liggaam aan die kruis gedra…Deur Sy wonde is julle genees."* Jy bepaal die uitslag van jou genesing, indien jy saamstem met God se woord.

God het in elk geval die laaste sê oor ons lewens. Ons is dankbaar vir geneeshere en die groot werk wat hulle doen, maar ons glo wat geskrywe staan in die Bybel.
Wanneer jy bid, dan bid jy wat geskrywe staan in die Bybel, en spreek oorwinning uit in die geloof. Hou jouself doof teenoor mense wat geneig is om altyd die ergste uit te spreek – inteendeel vermy hulle.

Luister na mense wat mooi en opbouende dinge praat.
Sodat jy kan saamstem want daar is baie krag in saamstem.
Leer tekste en leer om met hulle saam te stem.

## Dit is God wat jou geroep het

**1 Korinthiërs 1:9** Die Lewende Bybel: *"Dit is God wat julle geroep het om verbind te wees aan sy Seun Jesus Christus ons Here, en Hy doen altyd wat Hy beloof het."*
The Message: *"God who got you started in this spiritual adventure, shares with us the life of his Son, and our Master Jesus. He who will never give up on you. Never forget that."*

Dit is God wat jou geroep het en jou verbind het aan Jesus Christus, Sy Seun. Hy is ook die een wat altyd sal doen wat Hy beloof het, omdat Hy 'n betroubare God is.
Dan hou ek van die vertaling in 'The Message' dat dit God was (en eintlik nie ek nie) wat my gehelp het op my geestelike pad. Om te dink dat Hy nooit sal opgee op my nie, en my nooit in die steek sal laat nie. Hierdie is voorwaar 'n wonderlike waarheid.

Ek glo alle gelowiges is deur God geroep, al is dit nie vir voltydse diens as 'n prediker of geestelike werker nie. In 1 Kor. 1:26-30 gaan Paulus voort om vir die Griekse gelowiges die volgende te sê: *"Broers, kyk maar na die manier waarop God julle geroep het. Daar is nie baie van julle wat geleerd is of hoë poste beklee of uit vername families kom nie…Dit is aan God alleen te danke dat julle met Jesus Christus verbind is…"*
(Die Lewende Bybel)

Nog 'n Skrifgedeelte wat hierby verbind kan word, is ook in Die Lewende Bybel en dit vind ons in Rom. 1:29 *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."* Dink weer aan die woorde hierbo, wat dit so treffend stel: *"He who will never give up on you."*

As God se kinders is ons baie bevoorreg dat Hy ons geroep het.
Mag Sy roeping in jou weer helder brand tot Sy diens.
Dank God omdat jy nog verbind is aan Jesus Christus.